

NET EK KAN SÊ WAT MY LIGGAAM WIL HÊ! STOP SEKSUELE MISHANDELING!

STOP! HARDLOOP! VERTEL! RAPPOORTEER DIT!

STOP SEKSUELE MISHANDELING!



HOU OP OM MY AANTE RAAK!



HARDLOOP!



VERTEL!



RAPPOORTEER DIT AAN DIE POLISIE



PRAAT MET OUERS EN OPVOEDERS



DIT IS ALMAL SEVERANTWOORDELIKHEID OM SEKSUELE MISHANDELING TE STOP



basic education

Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



WISKUNDE IN AFRIKAANS – Graad 8 Boek 2

ISBN 978-1-4315-0225-7

Hersien volgens die KABV



Graad 8

Naam:

Klas:



basic education

Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



ISBN 978-1-4315-0225-7



9 781431 502257

WISKUNDE IN AFRIKAANS
GRAAD 8 – BOEK 2 • KWARTAAL 3 & 4
ISBN 978-1-4315-0225-7
DIE BOEK IS NIE TE KOOP NIE.
14de Uitgawe

WISKUNDE IN
AFRIKAANS

Boek 2
Kwartaal
3 & 4

Inhoud

No.	Onderwerp	Bladsy
65	Tel breuke op en trek hulle af	2
66	Vermenigvuldig breuke	4
67	Deel gewone breuke	6
68	Breuke van vierkante, derde magte/ kubusse, vierkantswortels en derdemagswortels	8
69a	Breuke, desimale en persentasies	10
69b	Breuke, desimale en persentasies (vervolg)	12
70a	Persentasieprobleme	14
70b	Persentasieprobleme (vervolg)	16
71	Plekwaarde, in orde plaas en vergelyking van desimale	18
72	Die af rond van rasionele getalle	20
73	Ekwivalensie tussen gewone breuke en desimale breuke	22
74	Optelling, aftrekking en vermenigvuldiging van desimale breuke	24
75	Deel desimale	26
76a	Vierkantiges en rasionele getalle	28
76b	Vierkantiges en rasionele getalle (vervolg)	30
77	Die stelling van Pythagoras	32
78	Die stelling van Pythagoras en pret!	34
79	Nog oor die stelling van Pythagoras	36
80	Stelling van Pythagoras	38
81	Nog stelling van Pythagoras	40
82a	Area (oppervlakte) en perimeter (omtrek) van 'n vierkant	42
82b	Area (oppervlakte) en perimeter (omtrek) van 'n vierkant (vervolg)	44
83	Area (oppervlakte) en perimeter (omtrek) van 'n reghoek	46
84	Area (oppervlakte) van 'n driehoek	48
85	Oppervlakte (area) en omtrek (perimeter) van 'n sirkel	50
86	Oppervlakte en omtrek: probleemoplossing	52
87	Oppervlakarea, volume en kapasiteit van 'n kubus	54
88	Oppervlakarea, volume en kapasiteit van 'n prisma	56
89a	Volume van driehoekige prisma's	58
89b	Oppervlakarea, volume en kapasiteit van 'n driehoekige prisma	60
90	Probleme met oppervlakarea, volume en kapasiteit van kubusse	62
91	Oppervlakarea, volume: probleme	64
92a	Dataversameling	66
92b	Dataversameling (vervolg)	68
93a	Organiseer data	70
93b	Organiseer data (vervolg)	72
94a	Som data op	74
94b	Som data op (vervolg)	76
95a	Staaftafel	78
95b	Staaftafel (vervolg)	80
96a	Dubbele staaftafel	82
96b	Dubbele staaftafel (vervolg)	84
97a	Histogramme (kolomgrafieke)	86
97b	Histogramme (kolomgrafieke) (vervolg)	88
98a	Nog oor histogramme	90
98b	Nog oor histogramme (vervolg)	92
99a	Sirkelgrafiek	94
99b	Sirkelgrafiek (vervolg)	96
100a	Gebrokelyngrafiek	98
100b	Gebrokelyngrafiek (vervolg)	100
101	Kies die regte grafiek	102
102a	Doen verslag oor data	104
102b	Doen verslag oor data (vervolg)	106
103	Die datahanteringsiklus	108
104	Die datahanteringsiklus (vervolg)	110
105a	Patrone	112
105b	Patrone (vervolg)	114
106a	Inset- en uitsetwaardes	116

106b	Inset- en uitsetwaardes (vervolg)	118
107	Geometriese patrone	120
108	Meetkundige rye	122
109	Nog oor inset- en uitsetwaardes	124
110	Tabelle	126
111	Algebraïese vergelykings	128
112	Algebraïese vergelykings: geordende pare	130
113	Meer algebraïese vergelykings	132
114a	Interpreteer en teken grafieke: temperatuur en tydgrafieke	134
114b	Interpreteer en teken grafieke: temperatuur en tydgrafieke (vervolg)	136
115	Interpreteer en teken grafieke: reëval- en tydgrafieke	138
116	Interpretasie van grafieke	140
117a	Hersiening en bekendstelling van die Cartesiese vlak	142
117b	Hersiening en bekendstelling van die Cartesiese vlak (vervolg)	144
118	Geordende pare	146
119	Cartesiese vlak: vier kwadrante	148
120	Teken grafieke deur punte uit te stip	150
121	Transformasie (hersiening)	152
122	Refleksie	154
123	Rotasie	156
124a	Translasies	158
124b	Translasies (vervolg)	160
125a	Vergroting en reduksie	162
125b	Vergroting en reduksie (vervolg)	164
126	Probleme met vergroting en verkleining	166
127	Platoniese vaste vorms	168
128	Meer Platoniese vaste vorms	170
129	Voorstelling van Platoniese vaste vorms	172
130	Vlakke, hoekpunte en kante	174
131	Reëlmatig en onreëlmatig	176
132a	Maak 'n net: viervlak, driehoekige piramide, driehoekige en reghoekige prisma	178
132b	Maak 'n net: viervlak, driehoekige piramide, driehoekige en reghoekige prisma (vervolg)	180
133a	Maak 'n net: heksagonale prisma en piramide, oktaëder	182
133b	Maak 'n net: heksagonale prisma en piramide, oktaëder (vervolg)	184
133c	Maak 'n net: heksagonale prisma en piramide, oktaëder (vervolg)	186
133d	Maak 'n net: heksagonale prisma en piramide, oktaëder (vervolg)	188
134	Aangesigte	190
135	Moontlike uitkomst	192
136	Waarskynlikheid	194
137	Relatiewe frekwensie	196
138	Waarskynlikheid en relatiewe frekwensie	198
139a	Probleemoplossing	200
139b	Nog probleemoplossing	202
140	Hersieningsorsig: deel 1	204
141	Hersieningsorsig: deel 2	206
142	Hersieningsorsig: deel 3	208
143	Hersieningsorsig: deel 4	210
144	Hersieningsorsig: deel 5	212



Mev. Angie
Motshekga,
Minister van
Basiese Onderwys



Dr. Reginah Mhaule,
Adjunkminister
van Basiese
Onderwys

Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, dr. Reginah Mhaule.

Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.



Graad **8**

W i s k u n d e

DEEL
3

WERKBLAAIE
65 tot 144

Naam:

AFRIKAANS
Boek
2



$$\frac{2}{4}$$

← Teller

← Noemer

'n Breuk waarin die teller minder as die noemer is word 'n **egte breuk** genoem. Die waarde van die breuk is altyd minder as een.

'n **Onegte breuk** is 'n breuk waar die teller (die boonste getal) groter of gelyk aan die noemer (die onderste getal) is.

'n **Gemengde getal** is 'n getal wat 'n heelgetal-deel en 'n breuk-deel het.

$$\frac{2}{6}$$

$$\frac{5}{2}$$

$$1\frac{2}{3}$$

Pas die breuk by die definisie.

As $\frac{1}{2}$ dieselfde is as $\frac{2}{4}$; $\frac{3}{6}$; $\frac{4}{8}$; $\frac{5}{10}$ en $\frac{6}{12}$ in sy eenvoudigste vorm, wat sal elk van die volgende in sy eenvoudigste vorm wees? $\frac{4}{6}$; $\frac{6}{8}$; $\frac{3}{9}$; $\frac{6}{12}$; $\frac{10}{15}$

1. Hersiening: sê of dit 'n egte of onegte breuk, of 'n gemengde getal is.

- a. $\frac{2}{4}$ b. $\frac{6}{2}$ c. $1\frac{1}{4}$
 d. $\frac{8}{5}$ e. $\frac{1}{5}$ f. $\frac{7}{4}$

2. Skryf 'n ekwivalente breuk vir:

- a. $1\frac{1}{2}$ b. $3\frac{2}{3}$ c. $4\frac{1}{2}$
 d. $6\frac{1}{3}$ e. $2\frac{3}{4}$ f. $2\frac{4}{5}$

3. Tel die volgende by mekaar, skryf dit as 'n gemengde getal en vereenvoudig dit indien nodig.

Voorbeeld:

$$\begin{aligned} \frac{1}{3} + \frac{4}{3} \\ = \frac{5}{3} \\ = 1\frac{2}{3} \end{aligned}$$

5 gedeel deur 3 is 1 en 2 bly oor.

a. $\frac{2}{5} + \frac{4}{5} =$

b. $\frac{5}{9} + \frac{6}{9} =$

c. $\frac{3}{4} + \frac{2}{4} =$

$$d. \frac{7}{10} + \frac{5}{10} =$$

$$e. \frac{5}{6} + \frac{3}{6} =$$

$$f. \frac{5}{7} + \frac{6}{9} =$$

4. Bereken en vereenvoudig indien nodig.

Voorbeeld:

$$\frac{1}{2} + \frac{1}{3}$$

$$= \frac{5}{6}$$

Waarvandaan kom die 6?

$$a. \frac{1}{4} + \frac{1}{2} =$$

$$b. \frac{1}{5} + \frac{1}{10} =$$

$$c. \frac{1}{3} + \frac{1}{6} =$$

$$d. \frac{1}{8} + \frac{1}{4} =$$

$$e. \frac{1}{5} + \frac{1}{4} =$$

$$f. \frac{1}{2} + \frac{1}{3} =$$

5. Bereken en vereenvoudig.

Voorbeelde:

$$2 + \frac{5}{6}$$

$$= \frac{2}{1} + \frac{5}{6}$$

$$= \frac{17}{6}$$

$$= 2\frac{5}{6}$$

Hoe het ons hierdie gemengde getal gekry?

$$\frac{3}{4} + \frac{3}{2}$$

$$= \frac{3}{4} + \frac{6}{4}$$

$$= \frac{9}{4}$$

$$= 2\frac{1}{4}$$

$$a. 1 + \frac{1}{2} =$$

$$b. \frac{3}{2} + \frac{1}{4} =$$

$$c. 2\frac{1}{4} + 8 =$$

$$d. 4\frac{1}{2} - 3\frac{1}{3} =$$

$$e. 2\frac{1}{6} + 1\frac{1}{5} =$$

$$f. 7\frac{1}{2} - 1\frac{3}{4} =$$

Aktiwiteit

Tel enige egte, onegte en gemengde getalle met verskillende noemers, by mekaar.

Tekem:

Datum:

Kom ons vermenigvuldig breuke:

$$\frac{1}{2} \times \frac{1}{4} =$$

Identifiseer die tellers:

$$\frac{1}{2} \times \frac{1}{4} =$$

en dan die noemers:

$$\frac{1}{2} \times \frac{1}{4} =$$

Ons vermenigvuldig eers die tellers en dan die noemers.

$$= \frac{1}{8}$$

1. Bereken:

Voorbeeld: $\frac{6}{7} \times \frac{5}{6}$
 $= \frac{30}{42}$
 $= \frac{5}{7}$

Kan ons hierdie breuk vereenvoudig?

Vereenvoudig.

Faktore van 30 = {1, 2, 3, 5, 6, 10, 15, 30}

Faktore van 42 = {1, 2, 3, 6, 7, 14, 21, 42}

GGD (Grootste gemene deler): 6

$$\frac{30}{42} \div \frac{6}{6} = \frac{5}{7}$$

a. $\frac{1}{5} \times \frac{2}{3} =$

b. $\frac{2}{4} \times \frac{1}{3} =$

c. $\frac{1}{6} \times \frac{3}{7} =$

2. Los die volgende op.

Voorbeelde: $\frac{3}{4} \times \frac{3}{4} = \frac{9}{12}$
 $\frac{3}{3} \times \frac{3}{4} = \frac{9}{12}$

$$\frac{1}{3} \times \frac{9}{4} = \frac{9}{12}$$

$$\frac{3}{2} \times \frac{3}{6} = \frac{9}{12}$$

a. $\frac{3}{4} \times \frac{3}{4} = \frac{9}{12}$

b. $\frac{3}{4} \times \frac{8}{14} = \frac{24}{56}$

c. $\frac{3}{4} \times \frac{6}{8} = \frac{18}{32}$

3. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $8 \times \frac{1}{4}$
 $= \frac{8}{1} \times \frac{1}{4}$
 $= \frac{8}{4}$
 $= 2$

a. $2 \times \frac{3}{5} =$

b. $4 \times \frac{5}{6} =$

c. $11 \times \frac{3}{10} =$

4. Watter heelgetal en breuk sal vir jou die volgende antwoord gee?

Voorbeeld: $\underline{\quad} \times \underline{\quad} = \frac{2}{3}$

$$\frac{2}{1} \times \frac{1}{3}$$

$$= 2 \times \frac{1}{3}$$

a. $\underline{\quad} \times \underline{\quad} = \frac{4}{6}$

b. $\underline{\quad} \times \underline{\quad} = \frac{9}{18}$

c. $\underline{\quad} \times \underline{\quad} = \frac{3}{8}$

5. Vermenigvuldig en vereenvoudig indien moontlik.

Voorbeeld: $\frac{1}{3} \times \frac{3}{4}$

$$= \frac{3}{12} = \frac{3}{12} \begin{matrix} \times 3 \\ \times 3 \end{matrix}$$

$$= \frac{1}{4}$$

3 is die GGD

a. $\frac{1}{2} \times \frac{4}{8} =$

b. $\frac{7}{7} \times \frac{3}{6} =$

c. $\frac{8}{10} \times \frac{10}{12} =$

6. Vermenigvuldig en vereenvoudig.

Voorbeeld: $\frac{6}{4} \times \frac{5}{2}$

$$= \frac{30}{8}$$

$$= 3\frac{6}{8}$$

$$= 3\frac{3}{4}$$

GGD is 2

a. $\frac{3}{2} \times \frac{7}{6} =$

b. $\frac{6}{3} \times \frac{6}{5} =$

c. $\frac{8}{7} \times \frac{6}{4} =$

Probleemoplossing

Watter breuk is vier maande van tien jaar?

Watter breuk is vyf dae van sewe weke?

Watter breuk is 12 minute van 'n uur?

Tekem:

Datum:

Werk stap vir stap deur die voorbeelde. Verduidelik dit aan 'n vriend.

1

$$\begin{aligned} 3 \div \frac{3}{4} \\ = \frac{3}{1} \times \frac{4}{3} \\ = 4 \end{aligned}$$

2

$$\begin{aligned} 4 \div \frac{8}{5} \\ = \frac{4}{1} \times \frac{5}{8} \\ = \frac{5}{2} \text{ (vereenvoudig)} \\ = 2\frac{1}{2} \end{aligned}$$

3

$$\begin{aligned} \frac{1}{2} \div \frac{1}{6} \\ = \frac{1}{2} \times \frac{6}{1} \\ = \frac{6}{2} \\ = 3 \end{aligned}$$

4

$$\begin{aligned} \frac{2}{3} \div \frac{3}{4} \\ = \frac{2}{3} \times \frac{4}{3} \\ = \frac{8}{9} \end{aligned}$$

5

$$\begin{aligned} 1\frac{1}{2} \div 2\frac{1}{4} \\ = \frac{3}{2} \div \frac{9}{4} \\ = \frac{3}{2} \times \frac{4}{9} \\ = \frac{2}{3} \end{aligned}$$

1. Bereken:

Voorbeeld: $2 \div \frac{3}{4}$
 $= \frac{2}{1} \times \frac{4}{3}$
 $= \frac{8}{3}$
 $= 2\frac{2}{3}$

a. $4 \div \frac{4}{5} =$

b. $7 \div \frac{7}{9} =$

c. $12 \div \frac{12}{15} =$

d. $9 \div \frac{9}{11} =$

e. $5 \div \frac{5}{6} =$

f. $10 \div \frac{10}{11} =$

2. Bereken:

Voorbeeld: Sien die tweede voorbeeld in die inleiding.

a. $3 \div \frac{6}{7} =$

b. $6 \div \frac{18}{19} =$

c. $8 \div \frac{16}{18} =$

d. $2 \div \frac{8}{9} =$

e. $4 \div \frac{12}{16} =$

f. $7 \div \frac{21}{23} =$

3. Bereken:

Voorbeeld: Sien die derde en vierde voorbeelde in die inleiding.

a. $\frac{2}{3} \div \frac{1}{4} =$

b. $\frac{5}{9} \div \frac{1}{5} =$

c. $\frac{6}{7} \div \frac{1}{8} =$

d. $\frac{2}{8} \div \frac{4}{5} =$

e. $\frac{4}{5} \div \frac{2}{3} =$

f. $\frac{8}{10} \div \frac{6}{7} =$

4. Bereken:

Voorbeeld: Sien die vyfde voorbeeld in die inleiding.

a. $1\frac{1}{2} \div 2\frac{1}{4} =$

b. $1\frac{1}{2} \div 2\frac{3}{4} =$

c. $3\frac{2}{3} \div 4\frac{2}{3} =$

d. $3\frac{1}{3} \div 7\frac{1}{5} =$

e. $5\frac{2}{2} \div 2\frac{4}{5} =$

f. $5\frac{1}{4} \div 3\frac{2}{6} =$

Aktiwiteit

- Skryf 'n woordprobleem vir twaalf gedeel deur 'n honderd en agt tiendes en los dit dan op.
- Deel agt negendes deur agtien helftes.

Tekem:

Datum:

Breuke van vierkante, derde magte/ kubusse, vierkantswortels en derdemagswortels

Werk deur voorbeelde 1-4 en bespreek dit.

$$1 \quad \left(\frac{3}{4}\right)^2 = \frac{3^2}{4^2} = \frac{9}{16}$$

$$2 \quad \left(\frac{3}{4}\right)^3 = \frac{3^3}{4^3} = \frac{27}{64}$$

$$3 \quad \sqrt{\frac{16}{25}} = \frac{\sqrt{16}}{\sqrt{25}} = \frac{4}{5}$$

$$4 \quad \sqrt[3]{\frac{8}{27}} = \frac{\sqrt[3]{8}}{\sqrt[3]{27}} = \frac{2}{3}$$

1. Bereken:

Voorbeeld: Sien die eerste voorbeeld in die inleiding.

a. $\left(\frac{1}{4}\right)^2$

b. $\left(\frac{2}{7}\right)^2$

c. $\left(\frac{5}{6}\right)^2$

d. $\left(\frac{5}{8}\right)^2$

e. $\left(\frac{3}{4}\right)^2$

f. $\left(\frac{2}{5}\right)^2$

2. Hersiening: Bereken:

Voorbeeld: Sien die derde voorbeeld.

a. $\sqrt{\frac{4}{9}}$

b. $\sqrt{\frac{49}{81}}$

c. $\sqrt{\frac{16}{100}}$

d. $\sqrt{\frac{36}{64}}$

e. $\sqrt{\frac{9}{16}}$

f. $\sqrt{\frac{81}{100}}$

3. Bereken:

Voorbeeld: Sien die tweede voorbeeld.

a. $\left(\frac{1}{4}\right)^3$

b. $\left(\frac{1}{3}\right)^3$

c. $\left(\frac{6}{6}\right)^3$

d. $\left(\frac{4}{8}\right)^3$

e. $\left(\frac{2}{3}\right)^3$

f. $\left(\frac{2}{7}\right)^3$

4. Hersiening: Bereken:

Voorbeeld: Sien die vierde voorbeeld.

a. $\sqrt[3]{\frac{8}{125}}$

b. $\sqrt[3]{\frac{1}{64}}$

c. $\sqrt[3]{\frac{64}{125}}$

d. $\sqrt[3]{\frac{125}{64}}$

e. $\sqrt[3]{\frac{1}{1}}$

f. $\sqrt[3]{\frac{8}{125}}$

Aktiviteit

Wat is die vierkantswortel van 16 kwadraat gedeel deur die vierkantswortel van vyf en twintig?

Tekem:

Datum:

Kyk na elk van die volgende voorbeelde. Werk daardeur en bespreek dit.

Wat is 60% van R105?

$$\frac{60}{100} \times \frac{R105}{1}$$

$$= \frac{3}{5} \times \frac{R105}{1}$$

$$= \frac{R315}{5}$$

$$= R63$$

Ek kan 60%
skryf as $\frac{60}{100}$

$\frac{60}{100}$ vereenvoudig is $\frac{6}{10} = \frac{3}{5}$

Watter persentasie is 40c van R3,20?

$$\frac{40}{320} \times \frac{100\%}{1}$$

$$= \frac{4000\%}{320}$$

$$= \frac{100\%}{8}$$

$$= 12,5\%$$

$\frac{4000}{320}$ vereenvoudig is $\frac{100}{8}$

Bereken die persentasie styging as die prys van 'n buskaartjie van R60 tot R84 styg. Die bedrag waarmee dit styg is R24.

$$\frac{24}{60} \times \frac{100\%}{1}$$

$$= \frac{2400\%}{60}$$

$$= 40\%$$

Bereken die persentasie daling as die brandstofprys van R10 'n liter na R9 daal. Bedrag waarmee dit daal is R1.

$$\frac{1}{10} \times \frac{100\%}{1}$$

$$= \frac{100\%}{10}$$

$$= 10\%$$

1. Skryf die volgende as 'n breuk en desimale breuk.

Voorbeeld: $18\% = \frac{18}{100} = \frac{9}{50} = 0,18$

$\frac{18}{100}$ vereenvoudig is $\frac{9}{50}$

a. 37%

b. 25%

c. 83%

d. 9%

e. 56%

f. 3%

2. Skryf die volgende as 'n breuk in sy eenvoudigste vorm.

Persentasie	10%	20%	30%	40%	50%	60%	70%	80%	90%	100%
Breuk	$\frac{10}{100}$									
Eenvoudigste vorm	$\frac{1}{10}$									

3. Bereken:

Voorbeeld: 40% van R20

$$= \frac{40}{100} \times \frac{R20}{1}$$

$$= \frac{R800}{100}$$

$$= R8$$

a. 20% van R24

b. 70% van R15

c. 60% van R95

d. 80% van R74

e. 30% van R90

f. 50% van R65



Tekem:

Datum:

vervolg

4. Bereken die persentasie.

Voorbeeld: 60c van R4,80

$$\begin{aligned} & \frac{60}{480} \times \frac{100}{1} \\ &= \frac{6000}{480} \\ &= \frac{50}{4} \\ &= 12,5\% \end{aligned}$$

a. 30c van R1,80

b. 80c van R1,60

c. 40c van R8,40

d. 70c van R2,10

e. 50c van R7,00

f. 30c van R3,60

5. Bereken die **persentasie styging**.

a. R50 tot R70

b. R80 tot R120

c. R15 tot R18

d. R25 tot R30

e. R100 tot R120

f. R36 tot R54

6. Bereken die **persentasie daling**.

a. R20 van R15

b. R50 van R45

c. R18 van R15

d. R24 van R18

e. R90 van R80

f. R28 van R21

Probleemoplossing

- a. 'n Hemp kos R175. Ek het 25% afslag gekry. Hoeveel het ek daarvoor betaal?
- b. Bereken die persentasie daling in die prys van brandstof as dit van R10,35 per liter tot R10,15 per liter daal.

Tekem:

Datum:

Volg die volgende stappe wanneer jy 'n probleem oplos:

S

Sê: Onderstreep die belangrike inligting. Stel die probleem in jou eie woorde.

V

Vra: Het ek die belangrike inligting onderstreep? Het jy nog inligting nodig? Wat is die vraag? Waarvoor soek ek?

K

Kontroleer: Dat die inligting wat jy gemerk het nodig is om die vraag te beantwoord.

1. Los die volgende op.

a. Bepaal 80,6% van 110

b. Wat is 5,2% van 29?

c. Watter persentasie is 36 van 82?

d. Watter persentasie is 13 van 121?

e. Watter persentasie is 55 van 149?

f. Wat is 86,6% van 44?



g. Watter persentasie is 61 van 116?

h. 22,3% van 'n getal is 123.
Wat is die getal?

i. 57,1% van 'n sekere getal is 115. Wat is die getal?

j. Watter persentasie is 143 van 146?

k. 81,8% van watter getal is 84?


l. Watter persentasie is 22 van 26?



Tekem:
Datum:

vervolg





70b

Persentasieprobleme vervolg

2. Los die volgende op.

- a. Die oorspronklike prys van die hemp was R200. Die prys is toe met R150 verlaag. Met watter persentasie het die hemp se prys gedaal?

- b. Mary verdien 'n maandelikse salaris van R12 000. Sy spandeer R2 800 per maand op kos. Watter persentasie van haar maandelikse salaris spandeer sy op kos?

- c. Bereken 60% van R105

- d. Watter persentasie is 50c van R7,50?

e. Bereken die persentasie styging indien die prys van 'n buskaartjie van R75 tot R100 styg.

f. Bereken die persentasie daling as die prys van brandstof van R16,50 'n liter tot R15,75 'n liter daal.

g. Bereken hoeveel 'n motor sal kos as sy oorspronklike prys van R150 000 verlaag word met 15%.

Probleemoplossing

Gebruik verskillende bedrae en persentasies om uitdrukkings te ontwikkel en te ondersoek wat persentasie toename en afname berekening.

Tekem:

Datum:

Plekwaarde, in orde plaas en vergelyking van desimale

Hersien die plekwaarde van desimale breuke,



Hoe sal jy hierdie desimale breuk in uitgebreide notasie skryf?

$$8,924 = 8 + 0,9 + 0,02 + 0,004$$

1. Skryf die volgende in uitgebreide notasie:

Voorbeeld: 5,763

$$= 5 + 0,7 + 0,06 + 0,003$$

a. 9,371

b. 6,215

c. 34,672

d. 8,076

e. 9,304

f. 8,004

g. 16,003

h. 19,020

i. 56,003

j. 900,009

2. Skryf die plekwaarde van elke syfer neer in woorde.

Voorbeeld: 5,872

$$= 5 \text{ ene} + 8 \text{ tiendes} + 7 \text{ honderdstes} + 2 \text{ duisendstes}$$

a. 3,378

b. 6,2914

c. 2,588

d. 2,037

e. 2,003

f. 14,030

3. Skryf die volgende in die korrekte kolom.

		duisende	honderde	tiene	ene		tiendes	honderdstes	duisendstes
a.	2,869				2	,	8	6	9
b.	24,328								
c.	18,003								
d.	376,02								
e.	8674,5								
f.	2874,345								
g.	987,001								
h.	400,08								
i.	2000,203								

4. Skryf die waarde van die onderstreepte syfer neer.

Voorbeeld: 3,476

= 0,07 of 7 honderdstes

a. 6,857

b. 4,37

c. 3,809

d. 8,949

e. 85,080

f. 34,004

5. Skryf die volgende in stygende orde.

a. 0,04; 0,4; 0,004

b. 0,1; 0,11; 0,011

c. 0,99; 0,9; 0,999

d. 0,753; 0,8; 0,82

e. 0,67; 0,007; 0,06

f. 0,899; 0,98; 0,99

6. Vul in <, >, = .

a. 0,4 _____ 0,04

b. 0,05 _____ 0,005

c. 0,1 _____ 0,10

d. 0,62 _____ 0,26

e. 0,58 _____ 0,85

f. 0,37 _____ 0,73

Probleemoplossing

Wat sal jy doen om hierdie desimale breuk te verander van 9,768 na 9,008?

Tekem:

Datum:

Rond af tot die naaste **ene**.

$3,7 \approx 4$

$5,62 \approx 6$

$7,321 \approx 7$

$3,2 \approx 3$

$5,18 \approx 5$

$7,329 \approx 7$

Rond af tot die naaste **tiende**.

$8,26 \approx 8,3$

$3,765 \approx 3,8$

$5,293 \approx 5,3$

$8,21 \approx 8,2$

$3,768 \approx 3,8$

$5,224 \approx 5,2$

Rond af tot die naaste **honderdste**.

$3,472 \approx 3,47$

$8,925 \approx 8,93$

$3,478 \approx 3,48$

$7,342 \approx 7,34$

Die simbool \approx beteken ongeveer dieselfde of ongeveer gelyk. Dit kan gebruik word om 'n getal af te rond.

1. Wat is 'n ____? Gee 'n voorbeeld van elk.

a. Natuurlike getal

b. Tiende

c. Honderdste

d. Duisendste

2. Watter simbool kan gebruik word om af te rond? ____

3. Rond af tot die naaste natuurlike getal.

Voorbeeld: $6,7 \approx 7$ $6,3 \approx 6$

a. $9,2$ ____

b. $4,5$ ____

c. $4,8$ ____

d. $6,4$ ____

e. $5,68$ ____

f. $5,999$ ____

g. 3,34 _____

h. 7,82 _____

i. 9,321 _____

j. 100,383 _____

4. Rond af tot die naaste tiende.

Voorbeeld: $5,8\textcircled{4} \approx 5,8$

a. 5,24 _____

b. 3,53 _____

c. 5,55 _____

d. 9,39 _____

e. 7,513 _____

f. 2,329 _____

g. 8,632 _____

h. 1,189 _____

i. 6,7631 _____

j. 8,9789 _____

5. Rond af tot die naaste honderdste.

Voorbeeld: $8,95\textcircled{7} \approx 8,96$

a. 1,181 _____

b. 2,345 _____

c. 8,655 _____

d. 7,942 _____

e. 5,229 _____

f. 3,494 _____

g. 4,715 _____

h. 8,537 _____

i. 5,9676 _____

j. 8,6972 _____

6. Rond af tot die naaste duisendste.

Voorbeeld: $18,257\textcircled{6} \approx 18,258$

a. 5,1272 _____

b. 2,7864 _____

c. 6,6628 _____

d. 5,2336 _____

e. 1,9813 _____

f. 3,3336 _____

g. 9,4581 _____

h. 7,7857 _____

i. 7,8176 _____

j. 8,6491 _____

Aktiwiteit

Hoekom rond ons desimale breuke af in die daaglikse lewe? Gee vyf voorbeelde.

Tekem:

Datum:

Ekwivalensie tussen gewone breuke en desimale breuke

Kan jy onthou hoe om hierdie desimale breuke as gewone breuke te skryf? Kyk na die volgende:

$$\bullet 0,5 = \frac{5}{10}$$

Ons sê vyf tiendes.

$$\bullet 0,08 = \frac{8}{100}$$

Ons sê agt honderdstes.

$$\bullet 0,007 = \frac{7}{1000}$$

Ons sê sewe duisendstes.

$$\bullet 0,287 = \frac{2}{10} + \frac{8}{100} + \frac{7}{1000}$$

1. Skryf as 'n desimale breuk.

Voorbeeld: $\frac{6}{100}$
= 0,06

a. $\frac{7}{10}$

b. $\frac{6}{100}$

c. $\frac{9}{1000}$

d. $\frac{8}{10}$

e. $\frac{3}{1000}$

f. $\frac{1}{1000}$

g. $\frac{9}{100}$

h. $\frac{8}{1000}$

i. $\frac{2}{100}$

j. $\frac{4}{1000}$

k. Gebruik 'n sakrekenaar om gewone breuke om te skakel na desimale breuke.

2. Skryf as 'n desimale breuk.

Voorbeeld: $\frac{73}{100}$
= 0,73

a. $\frac{76}{100}$

b. $\frac{83}{100}$

c. $\frac{64}{100}$

d. $\frac{28}{100}$

e. $\frac{873}{1000}$

f. $\frac{92}{1000}$

g. $\frac{31}{1000}$

h. $\frac{74}{1000}$

i. $\frac{38}{1000}$

j. $\frac{784}{1000}$

k. Gebruik jou sakrekenaar om gewone breuke om te skakel na desimale breuke.

3. Skryf as 'n desimale breuk.

Voorbeeld: $\frac{51}{10}$
= 5,1

a. $\frac{92}{10}$

b. $\frac{8476}{100}$

c. $\frac{15}{10}$

d. $\frac{5600}{100}$

e. $\frac{374}{10}$

f. $\frac{8732}{100}$

g. $\frac{76599}{1000}$

h. $\frac{8732}{1000}$

i. $\frac{65}{10}$

j. $\frac{784}{100}$

k. Gebruik 'n sakrekenaar om gewone breuke om te skakel na desimale breuke.

4. Skryf as 'n gewone breuk.

Voorbeeld: $8,4 = \frac{84}{10}$

a. 8,2

b. 18,19

c. 7,654

d. 4,73

e. 48,003

f. 12,75

g. 3,4

h. 62,38

i. 376,5

j. 8,476

5. Skryf die volgende as a desimale breuk.

Voorbeeld: $\frac{2}{5} = \frac{4}{10} = 0,4$
 $\frac{1}{25} = \frac{4}{100} = 0,04$

a. $\frac{1}{5}$

b. $\frac{1}{4}$

c. $\frac{1}{2}$

d. $\frac{3}{5}$

e. $\frac{2}{4}$

f. $\frac{1}{25}$

g. $\frac{1}{50}$

h. $\frac{20}{25}$

i. $\frac{3}{20}$

j. $\frac{40}{50}$

Probleemoplossing

As die tiende syfer ses is en die ene syfer drie is, wat moet ek doen om 'n antwoord van 7,644 te kry?

Tekem:

Datum:

Optelling, aftrekking en vermenigvuldiging van desimale breuke

Waar in die daaglikse lewe sal jy desimale breuke gebruik?



Onthou dat ons in Suid-Afrika hoofsaaklik die desimale komma gebruik. Daar is ook die desimale punt wat dieselfde is.

Waar in die alledaagse lewe sal ons desimale breuke

optel

aftrek

vermenigvuldig

1. Bereken:

Voorbeeld: $2,37 + 4,53 - 3,88$

$$= (2 + 4 - 3) + (0,3 + 0,5 - 0,8) + (0,07 + 0,03 - 0,08)$$

$$= 3 + 0 + 0,02$$

$$= 3,02$$

a. $2,15 + 8,21 - 7,21 =$

b. $5,34 + 7,42 - 6,38 =$

c. $4,29 + 8,34 - 3,38 =$

d. $9,77 + 5,14 - 9,53 =$

2. Bereken:

Voorbeeld: $0,2 \times 0,3$

$$= 0,06$$

$0,02 \times 0,3$

$$= 0,006$$

$0,02 \times 0,03$

$$= 0,0006$$

a. $0,3 \times 0,4 =$

b. $0,5 \times 0,1 =$

c. $0,7 \times 0,8 =$

d. $0,6 \times 0,7 =$

e. $0,04 \times 0,02 =$

3. Bereken:

Voorbeeld: $0,2 \times 10$
 $= 2$

a. $0,7 \times 8 =$ _____

b. $0,4 \times 9 =$ _____

c. $0,7 \times 8 =$ _____

d. $0,03 \times 8 =$ _____

e. $0,06 \times 5 =$ _____

4. Bereken:

Voorbeeld: $0,3 \times 0,2 \times 100$
 $= 0,06 \times 100$
 $= 6$

a. $0,3 \times 0,5 \times 10 =$

b. $0,9 \times 0,02 \times 10 =$

c. $0,3 \times 0,4 \times 100 =$

d. $0,8 \times 0,04 \times 100 =$

e. $0,3 \times 0,2 \times 100 =$

5. Bereken:

Voorbeeld: $5,276 \times 30$
 $= (5 \times 30) + (0,2 \times 30) + (0,07 \times 30) + (0,006 \times 30)$
 $= 150 + 6 + 2,1 + 0,18$
 $= 150 + 6 + 2 + 0,1 + 0,1 + 0,08$
 $= 158 + 0,2 + 0,08$
 $= 158,28$

a. $1,365 \times 10 =$

b. $4,932 \times 30 =$

c. $2,578 \times 40 =$

d. $17,654 \times 60 =$

e. $28,342 \times 20 =$

Maak jou eie desimale probleme deur die volgende riglyne te gebruik.

$+$ $-$ \times
Lengte

$+$ $-$ \times
Gewig

$+$ $-$ \times
Kapasiteit

$+$ $-$ \times
Geld

Tekem:

Datum:

Hoe vinnig kan jy die antwoord herroep?

$8 \div 4 =$

$35 \div 7 =$

$42 \div 7 =$

$55 \div 5 =$

$63 \div 9 =$

$12 \div 2 =$

$30 \div 5 =$

$16 \div 4 =$

$81 \div 9 =$

$121 \div 11 =$

$54 \div 6 =$

$42 \div 6 =$

$35 \div 5 =$

$125 \div 25 =$

$144 \div 12 =$

1. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $0,4 \div 2$
 $= 0,2$

a. $0,8 \div 4 =$ _____

b. $0,6 \div 3 =$ _____

c. $0,6 \div 2 =$ _____

d. $0,03 \times 8 =$ _____

e. $0,06 \times 5 =$ _____

2. Hersiening: rond jou antwoorde in 1 af tot die naaste natuurlike getal.

a. _____

b. _____

c. _____

d. _____

e. _____

3. Hersiening: bereken die volgende:

Voorbeeld: $0,25 \div 5$
 $= 0,05$

a. $0,81 \div 9 =$ _____

b. $0,35 \div 7 =$ _____

c. $0,63 \div 7 =$ _____

d. $0,54 \div 6 =$ _____

e. $0,12 \div 4 =$ _____

4. Rond jou antwoorde in 3 af tot die naaste tiene.

a. _____

b. _____

c. _____

d. _____

e. _____

5. Los die volgende probleme op.

a. Ek het R45,75. Ek moet dit deur vyf deel. Wat sal die antwoord wees?

- b. My ma het 12,8 m tou gekoop. Sy moet dit in vier stukke verdeel. Hoe lank sal elke stuk wees?

- c. Jy het sewe gelyke dele nodig van 28,7 m tou. Hoe lank sal elke stuk wees?

6. Voltooi die vloeiagramme.

a.



b.



c.



d.



e.



f.



Probleemoplossing

As $6 \div 2 = 3$, bereken $0,6 \div 2$; $0,06 \div 2$ and $0,006 \div 2$. Watter gevolgtrekking kan jy maak van jou antwoorde?

Tekem:

Datum:

Kyk na die voorbeelde en werk deur hulle.

Wat let jy op?

$$\begin{aligned} (0,7)^2 &= 0,7 \times 0,7 \\ &= 0,49 \end{aligned} \quad \text{of} \quad \begin{aligned} \left(\frac{7}{10}\right)^2 &= \frac{7}{10} \times \frac{7}{10} \\ &= \frac{49}{100} \\ &= 0,49 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \sqrt{0,0004} &= \sqrt{0,02 \times 0,02} \\ &= 0,02 \end{aligned} \quad \text{of} \quad \begin{aligned} \sqrt{\frac{4}{1000}} &= \sqrt{\frac{2}{100} \times \frac{2}{100}} \\ &= \frac{2}{100} \\ &= 0,02 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \sqrt{0,04} &= \sqrt{0,2 \times 0,2} \\ &= 0,2 \end{aligned} \quad \text{of} \quad \begin{aligned} \sqrt{\frac{4}{100}} &= \sqrt{\frac{2}{10} \times \frac{2}{10}} \\ &= \frac{2}{10} \\ &= 0,2 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} (0,04)^2 &= 0,04 \times 0,04 \\ &= 0,0016 \end{aligned} \quad \text{of} \quad \begin{aligned} \left(\frac{4}{100}\right)^2 &= \frac{4}{100} \times \frac{4}{100} \\ &= \frac{16}{10000} \\ &= 0,0016 \end{aligned}$$

Waar in die daaglikse lewe sal jy hierdie gebruik?



$$\begin{aligned} (0,1)^3 &= 0,1 \times 0,1 \times 0,1 \\ &= 0,001 \end{aligned} \quad \text{of} \quad \begin{aligned} \left(\frac{1}{10}\right)^3 &= \frac{1}{10} \times \frac{1}{10} \times \frac{1}{10} \\ &= \frac{1}{1000} \\ &= 0,001 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} (0,01)^3 &= 0,01 \times 0,01 \times 0,01 \\ &= 0,000001 \end{aligned} \quad \text{of} \quad \begin{aligned} \left(\frac{1}{100}\right)^3 &= \frac{1}{100} \times \frac{1}{100} \times \frac{1}{100} \\ &= \frac{1}{1000000} \\ &= 0,000001 \end{aligned}$$

1. Bereken

Voorbeeld 1: $(0,8)^2$
 $= 0,8 \times 0,8$
 $= 0,64$

Voorbeeld 2: $(1,5)^2$
 $= 1,5 \times 1,5$
 $= 2,25$

a. $(0,6)^2$

b. $(0,2)^2$

c. $(0,3)^2$

d. $(0,1)^2$

e. $(0,5)^2$

f. $(0,4)^2$

g. Tel **a**, **b**, **c** en **d** bymekaar.

Jy kan 'n sakrekenaar gebruik.

2. Bereken

Voorbeeld 1: $(0,06)^2$
 $= 0,06 \times 0,06$
 $= 0,0036$

Voorbeeld 2: $(0,13)^2$
 $= 0,0169$

a. $(0,03)^2$

b. $(0,05)^2$

c. $(0,01)^2$

d. $(0,04)^2$

e. $(0,12)^2$

f. $(0,16)^2$

g. Tel **a** en **b** bymekaar en trek dan **c** af.

vervolg 

Tekem:

Datum:

3. Bereken

Voorbeeld: $\sqrt{0,04}$
 $= \sqrt{0,2 \times 0,2}$
 $= 0,2$

a. $\sqrt{0,9}$

b. $\sqrt{0,1}$

c. $\sqrt{0,25}$

d. $\sqrt{0,36}$

e. $\sqrt{0,49}$

f. $\sqrt{0,81}$

4. Bereken

Voorbeeld: $\sqrt{0,0004}$
 $= \sqrt{0,02 \times 0,02}$
 $= 0,02$

a. $\sqrt{0,0009}$

b. $\sqrt{0,0016}$

c. $\sqrt{0,0001}$

d. $\sqrt{0,0049}$

e. $\sqrt{0,0004}$

f. $\sqrt{0,0121}$

5. Bereken

Voorbeeld: $(0,2)^3$
 $= 0,2 \times 0,2 \times 0,2$
 $= 0,008$

a. $(0,3)^3$

b. $(0,1)^3$

c. $(0,4)^3$

6. Bereken

Voorbeeld: $(0,02)^3$
 $= 0,02 \times 0,02 \times 0,02$
 $= 0,000008$

a. $(0,03)^3$

b. $(0,02)^3$

c. $(0,04)^3$

7. Bereken

Voorbeeld: $\sqrt[3]{0,027}$
 $= \sqrt[3]{0,3 \times 0,3 \times 0,3}$
 $= 0,3$

a. $\sqrt[3]{0,008}$

b. $\sqrt[3]{0,064}$

c. $\sqrt[3]{0,001}$

8. Bereken

Voorbeeld: $\sqrt[3]{-0,027}$
 $= \sqrt[3]{-0,3 \times -0,3 \times -0,3}$
 $= -0,3$

a. $\sqrt[3]{-0,008}$

b. $\sqrt[3]{-0,064}$

c. $\sqrt[3]{-0,001}$

Probleemoplossing


a. As die sy van 'n vierkantige teël 0,6 m is, wat is die oppervlakte van die teël?

b. Ons kan $\sqrt[3]{-0,064}$ bereken. Kan ons $\sqrt{-0,9}$ bereken? Hoekom of hoekom nie?

c. As die hoogte van 'n kubus 0,35 m is, wat is die kubus se volume?

Tekem:

Datum:



Wat is die grootte van A?

$$3^2 = 3 \times 3$$

Wat is die grootte van B?

$$4^2 = 4 \times 4$$

Wat is die grootte van C?

$$5^2 = 5 \times 5$$


Wat let jy op?

$$3^2 + 4^2 = 5^2$$

$$9 + 16 = 25$$

$$25 = 25$$

1. Skryf 'n vergelyking vir die volgende en bepaal of die linkerkant gelyk is aan die regterkant:



2. Teken reghoekige driehoeke om elk van die volgende te illustreer:

	Sy A	Sy B	Sy C
a.	6	8	10
b.	15	20	25
c.	27	36	45
d.	12	16	20
e.	21	28	35

a.

b.




c.



d.



e.




3. Wat is die skuinssy? Merk dit in al jou tekeninge met 'n ander kleur.

Die stelling van Pythagoras lui: in 'n reghoekige driehoek is die som van die vierkante van die twee reghoekige sye altyd dieselfde as die vierkant van die skuinssy. Die skuinssy is altyd die langste sy.

$$A^2 + B^2 = C^2.$$

4. Vind uit wie Pythagoras was en skryf 'n paragraaf oor hom.



Handwriting practice area with seven horizontal dashed lines for writing.


Aktiwiteit

Gee twee voorbeelde van waar ons Pythagoras se stelling in die daaglikse lewe kan gebruik.

Tekem:

Datum:


Kyk na die voorbeeld en verduidelik dit.



$$4^2 + 3^2 = 5^2$$





$$16 + 9 = 25$$

$$25 = 25$$






$$a^2 + b^2 = c^2$$

1. Skryf 'n vergelyking vir die volgende en bereken elke kant (linkerkant en regterkant):




2. Skryf 'n vergelyking vir die volgende:








'n **Fraktaal** is 'n geometriese vorm waarin al die dele dieselfde is ongeag die skaal. As jy 'n fraktaal in dele opdeel sal elke deel ongeveer 'n kleiner weergawe van die hele wees.



3. Hierdie is 'n fraktaal wat die stelling van Pythagoras gebruik het. Kopieer en verduidelik.





Probeer nou om dit te teken.



Pret met Pythagoras se fraktale boom


Kopieer hierdie fraktale boom van Pythagoras saam met een van jou familielede.



Tekem:

Datum:

Wat is die waarde van x ?



$$x^2 = (3 \text{ cm})^2 + (4 \text{ cm})^2$$

$$x^2 = 9 \text{ cm}^2 + 16 \text{ cm}^2$$

$$x^2 = 25 \text{ cm}^2$$


$$x = \sqrt{25 \text{ cm}^2}$$


$$x = 5 \text{ cm}$$


Onthou die hipotenuusa is die skuinsy teenoor die regterhoek in 'n reghoekige driehoek.


1. Bepaal die lengtes van die onbekende sye in die volgende reghoekige driehoeke. Jy kan 'n sakrekenaar gebruik.

Voorbeeld: Sien die inleiding.













e.




f.




2. Bereken die lengte van die skuinssy.

Voorbeeld:




$$\begin{aligned} \text{Skuinssy} &= \sqrt{4^2 + 6^2} \\ &= \sqrt{16 + 36} \\ &= \sqrt{52} \\ &= 7,2 \text{ cm} \end{aligned}$$

a.



b.




Ondersoek

Die oppervlakte van 'n halfsirkel op die skuinssy is gelyk aan die som van die oppervlaktes van die halfsirkels op die ander twee sye. Gebruik enige pythagorese drie om jou antwoord te bevestig.

Tekem:

Datum:

Bereken die lengte van die skuinssy van die reghoek. Sien die voorbeelde hieronder.




$$x^2 = (3 \text{ cm})^2 + (4 \text{ cm})^2$$

$$x^2 = 9 \text{ cm}^2 + 16 \text{ cm}^2$$

$$x^2 = 25 \text{ cm}^2$$

$$x = \sqrt{25 \text{ cm}^2}$$

$$x = 5 \text{ cm}$$







$$x = (5 \text{ cm})^2 + (8 \text{ cm})^2$$

$$x = 25 \text{ cm}^2 + 64 \text{ cm}^2$$

$$x^2 = 89 \text{ cm}^2$$



$$x = 9,43 \text{ cm}$$

1. Bereken die lengte van die skuinssy van die reghoek.







d.





2. Bereken die lengte van die skuinssy van die reghoek.



a.




b.



c.



d.




Probleemoplossing

Skep jou eie probleem wat die stelling van Pythagoras gebruik.

Tekem:

Datum:

Werk deur die voorbeeld. Verduidelik.



$$(16\text{ cm})^2 = x^2 + (5\text{ cm})^2$$

$$256\text{ cm}^2 = x^2 + 125\text{ cm}^2$$


$$x^2 = 131\text{ cm}^2$$

$$\sqrt{x^2} = \sqrt{131\text{ cm}^2}$$


$$x = 11,45\text{ cm}$$

1. Bereken die onbekende sy in elk van die volgende gelyksydige driehoeke.

a.




b.






c.



d.



2. Los die volgende op: Grant en Lebo ontmoet by die Hoek-kafee op die hoek van Park- en Boomstraat. Grant is op die oomblik in Park-straat en is 8 kilometer daarvandaan. Intussen is Lebo in Boom-straat wat 7 kilometer daarvandaan is. Wat is die direkte (kortste) afstand wat hulle van mekaar is?

Probleemoplossing


'n Vragmotor ry op teen 'n oprit. Dit is nou 1 meter hoër as die grondvlak. Die afstand van die begin van die oprit tot waar die vragmotor nou is, is 2 meter. Hoe lank is die oprit?



Tekem:

Datum:





Wat is die omtrek van 'n vierkant?

Wat is die oppervlakte van 'n vierkant?

Omtrek

$$\text{Omtrek} = 4s$$

$$= 4 (4,5 \text{ cm})$$

$$= 18 \text{ cm}$$

Antwoorde in mm

$$= 4 (45 \text{ mm})$$

$$= 180 \text{ mm}$$

Oppervlakte

$$\text{Oppervlakte} = s^2$$

$$= 4,5 \text{ cm} \times 4,5 \text{ cm}$$

$$= 20,25 \text{ cm}^2$$

$$= 45 \text{ mm} \times 45 \text{ mm}$$

$$= 2\,025 \text{ mm}^2$$

As die oppervlakte $2\,025 \text{ mm}^2$ is, wat sal die antwoord in cm^2 wees?

$$1 \text{ cm} = 10 \text{ mm}$$

$$1 \text{ cm}^2 = 1 \text{ cm} \times 1 \text{ cm}$$

$$1 \text{ cm}^2 = 10 \text{ mm} \times 10 \text{ mm}$$

$$1 \text{ cm}^2 = 100 \text{ mm}^2$$

$$\therefore \frac{2\,025 \text{ mm}^2}{100}$$

$$= 20,25 \text{ cm}^2$$

1. Bereken die

- Oppervlakte van 'n vierkant.
 - Perimeter (omtrek) van 'n vierkant.
- Gee jou antwoorde in mm, cm en m.

Voorbeeld: 'n Vierkant met sy 2,5 cm.

$$\text{Omtrek} = 4s$$

$$= 4 (2,5 \text{ cm})$$

$$= 10 \text{ cm}$$

$$\text{Oppervlakte} = s^2$$

$$= 2,5 \text{ cm} \times 2,5 \text{ cm}$$

$$= 6,25 \text{ cm}^2$$

Millimeter

$$= 4 (25 \text{ mm})$$

$$= 100 \text{ mm}$$

$$= 25 \text{ mm} \times 25 \text{ mm}$$

$$= 625 \text{ mm}^2$$

Meter

$$= 4 (0,025)$$

$$= 0,1 \text{ m}$$

$$= 0,025 \text{ m} \times 0,025 \text{ m}$$

$$= 0,000625 \text{ m}^2$$



a. 4,1 cm

b. 0,4 m

c. 45 mm

2. Gebruik die oppervlakte van 'n vierkant wat gegee word en bereken dan die lengte van een sy en die omtrek.

Voorbeeld: Oppervlakte = s^2

$$s^2 = 1,44 \text{ cm}^2$$

$$\sqrt{s^2} = \sqrt{1,44 \text{ cm}^2}$$

$$s = 1,2 \text{ cm}$$

$$\text{Omtrek} = 4s$$

$$= 4 \times 1,2 \text{ cm}$$

$$= 4,8 \text{ cm}$$

a. 6,76 m²

b. 102,01 cm²

c. 29,16 cm²

d. 51,84 m²

3. Skets elk van hierdie vierkante in vraag 2. Gebruik 'n gradeboog en 'n liniaal.

a.

b.



Tekem:

Datum:

vervolg





Oppervlakte en omtrek van 'n vierkant vervolg

Kwartaal 3

c.

d.

4. Skryf die volgende in cm^2

Voorbeeld: $1,44 \text{ cm}^2$
 $1,2 \text{ cm} \times 1,2 \text{ cm}$
 $12 \text{ mm} \times 12 \text{ mm}$
 144 mm^2

$$\sqrt{1,44} = 1,2$$

a. $3,24 \text{ cm}^2$

b. $5,29 \text{ cm}^2$

5. Skryf die volgende in cm^2

Voorbeeld: 256 mm^2
 $\frac{256 \text{ mm}^2}{100}$
 $= 2,56 \text{ cm}^2$

a. 576 mm^2

b. $3\,769 \text{ mm}^2$





c. 1 681 mm²

6. Skryf die volgende in m²

Voorbeeld: 21 cm × 21 cm
 = 441 cm²
 = $\frac{441 \text{ cm}^2}{10\,000}$
 = 0,0441 m²

1 m = 100 cm
 1 m² = 1 m × 1 m
 1 m² = 100 cm × 100 cm
 1 m² = 10 000 cm²

21 cm × 21 cm
 = 0,21 m × 0,21 m
 = 0,0441 m²

a. 15 cm × 15 cm

b. 24 cm × 24 cm


Probleemoplossing

Ek het 32 teëls van 30 cm × 30 cm. Sal ek 'n oppervlakte van 3m² kan dek?



Tekem:
 Datum:





Wat is die omtrek van 'n reghoek?

Wat is die oppervlakte van 'n reghoek?

Omtrek

$$P = 2(l + b)$$

$$= 2(3,8 \text{ cm} + 2,1 \text{ cm})$$

$$= 2(5,9 \text{ cm})$$

$$= 11,8 \text{ cm}$$

Oppervlakte

$$A = l \times b$$

$$= 3,8 \text{ cm} \times 2,1 \text{ cm}$$

$$= 7,98 \text{ cm}^2$$

Die oppervlakte in mm^2 en m^2 is:

mm^2

$$7,98 \text{ cm}^2$$

$$= 7,98 \times 100 \text{ mm}^2$$

$$= 798 \text{ mm}^2$$

$$\begin{aligned} 1 \text{ cm} &= 10 \text{ mm} \\ 1 \text{ cm}^2 &= 1 \text{ cm} \times 1 \text{ cm} \\ 1 \text{ cm}^2 &= 10 \text{ mm} \times 10 \text{ mm} \\ 1 \text{ cm}^2 &= 100 \text{ mm}^2 \end{aligned}$$

m^2

$$7,98 \text{ cm}^2$$

$$= \frac{7,98 \text{ m}^2}{10\,000}$$

$$= 0,000798 \text{ m}^2$$

$$\begin{aligned} 1 \text{ m} &= 100 \text{ cm} \\ 1 \text{ m}^2 &= 100 \text{ cm} \times 100 \text{ cm} \\ 1 \text{ m}^2 &= 10\,000 \text{ cm}^2 \end{aligned}$$

1. Bereken

- Oppervlakte van 'n reghoek.
- Omtrek van 'n reghoek.
- Gee jou antwoorde in mm , cm en m .

Voorbeeld: $2,1 \text{ cm} \times 1,8 \text{ cm}$

$$\begin{aligned} \text{Omtrek} &= 2(l + b) \\ &= 2(2,1 \text{ cm} + 1,8 \text{ cm}) \\ &= 7,8 \text{ cm} \end{aligned}$$

Millimeters

$$= 78 \text{ mm}$$

Meter

$$= 0,078 \text{ m}$$

Oppervlakte $= l \times b$

$$= 2,1 \text{ cm} \times 1,8 \text{ cm}$$

$$= 3,78 \text{ cm}^2$$

$$= 3,78 \times 100 \text{ mm}^2$$

$$= 378 \text{ mm}^2$$

$$= \frac{3,78}{10\,000} \text{ m}^2$$

$$= 0,000378 \text{ m}^2$$



a. $0,9 \text{ cm} \times 1,5 \text{ cm}$

b. Lengte = $1,3 \text{ cm}$; breedte = $1,1 \text{ cm}$

c. $2,1 \text{ cm} \times 1,9 \text{ cm}$

b. Lengte = $2,8 \text{ cm}$; breedte = $1,7 \text{ cm}$

2. As dit die oppervlakte van 'n reghoek is, wat is die moontlike lengte en breedte? Gebruik hierdie waardes om die omtrek te bepaal. Gebruik die oppervlakte en die sy van 'n reghoek wat gegee word en bereken dan die lengte van die ander sy en die omtrek.

Voorbeeld: Oppervlakte = $4,14 \text{ cm}^2$ en breedte = $1,8 \text{ cm}$

$$\text{Oppervlakte} = l \times b$$

$$4,14 \text{ cm}^2 = l \times 1,8 \text{ cm}$$

$$l = \frac{4,14 \text{ cm}^2}{1,8 \text{ cm}}$$

$$l = 2,3 \text{ cm}$$

$$\text{Omtrek} = 2(l + b)$$

$$= 2(2,3 \text{ cm} + 1,8 \text{ cm})$$

$$= 8,2 \text{ cm}$$

a. Oppervlakte = $2,7 \text{ m}^2$; breedte = $0,9 \text{ m}$

b. Oppervlakte = $24,9 \text{ mm}^2$; lengte = 3 mm

c. Oppervlakte = $333,2 \text{ m}^2$; lengte = $24,5 \text{ m}$

d. Oppervlakte = $46,92 \text{ m}^2$; breedte = 12 cm


Probleemoplossing

Jy moet 'n vertrek van $4,2 \text{ m} \times 3,5 \text{ m}$ teël. Die teëls wat jy wil koop is $45 \text{ cm} \times 45 \text{ cm}$. Hoeveel teëls het jy nodig?

Tekem:

Datum:





Oppervlakte van 'n driehoek

$$A = \frac{1}{2} b \times h$$

$$= \frac{1}{2} (5 \text{ cm}) \times 2,3 \text{ cm}$$

$$= 2,5 \text{ cm} \times 2,3 \text{ cm}$$

$$= 5,75 \text{ cm}^2$$

Antwoord in mm²

$$= 5,75 \times 100 \text{ mm}^2$$

$$= 575 \text{ mm}^2$$

Antwoord in m²

$$\frac{5,75}{10\,000} \text{ m}^2$$

$$= 0,000575 \text{ m}^2$$

1. Bereken die oppervlakte

Gee jou antwoorde in mm, cm en m.

Voorbeeld: Basis = 6 cm

Hoogte = 2,6 cm

$$\text{Oppervlakte} = \frac{1}{2} b \times h$$

$$= \frac{1}{2} (6 \text{ cm}) \times 2,6 \text{ cm}$$

$$= 3 \text{ cm} \times 2,6 \text{ cm}$$

$$= 7,8 \text{ cm}^2$$

Millimeters:

$$= 7,8 \text{ cm}^2 \times 100$$

$$= 780 \text{ mm}^2$$

Meters:

$$= \frac{7,8 \text{ cm}^2}{10\,000}$$

$$= 0,00078 \text{ m}^2$$

a. Basis = 8 cm; Hoogte = 1,5 cm

b. Basis = 4,6 cm; Hoogte = 2,9 cm

c. Basis = 10 cm; Hoogte = 7,3 cm

d. Basis = 9,4 cm; Hoogte = 2,25 cm

2. Gebruik die oppervlakte en basis van elke driehoek wat gegee word om die hoogte te bereken.

Voorbeeld: Oppervlakte = $7,35 \text{ cm}^2$ en die basis = 7 cm

$$\text{Dan: } 7,35 \text{ cm}^2 = \frac{1}{2} (7 \text{ cm}) \times h$$

$$7,35 \text{ cm}^2 = 3,5 \text{ cm} \times h$$

$$h = \frac{7,35 \text{ cm}^2}{3,5 \text{ cm}}$$

$$h = 2,1 \text{ cm}$$



a. Oppervlakte = $16,2 \text{ cm}^2$; basis = 4 cm

b. Oppervlakte = $5,52 \text{ cm}^2$; basis = 10 cm

c. Oppervlakte = $33,12 \text{ m}^2$; basis = 12 m

3. Teken die hoogte van die driehoeke en bereken die oppervlakte. Jy sal 'n liniaal nodig hê. Let wel: die hoogte van 'n driehoek is die lynsegment wat getrek word van enige hoekpunt loodreg met die teenoorgestelde sy.

Voorbeeld:



a.

b.

c.

d.

Probleemoplossing

Die driehoek se oppervlakte is $10,53 \text{ m}^2$. Jy het 2025 cm^2 teëls. Hoeveel het jy nodig om die oppervlakte te teël?


Tekem:

Datum:

Kyk na die volgende en bespreek.

Onthou jy nog:

- die radius is die afstand van die middelpunt van 'n sirkel tot by enige punt op die omtrek.
- die middellyn begin by die kant van die sirkel, gaan deur die middel punt en eindig aan die ander kant.



π is 'n irrasionele getal en word gegee as 3,141592654 tot die 9de desimale plek.

$$\frac{\text{omtrek}}{\text{middellyn}} = \pi = \frac{22}{7} = 3,14159$$

π verteenwoordig die waarde van die omtrek verdeel deur die middellyn.

$\frac{22}{7}$ of 3,14 is benaderde rasionele waardes.

Hier is 'n paar formules om te onthou wanneer jy met sirkels werk.

Die middellyn/deursnee van 'n sirkel: $d = 2r$ Die omtrek van 'n sirkel: $\text{omtrek} = \pi d$ of $\text{omtrek} = 2 \pi r$ Die oppervlakte/area van 'n sirkel: $\text{oppervlakte} = \pi \times r^2$

1. Bereken die oppervlakte van die sirkel as die radius gelyk is aan:

Voorbeeld: Die radius van die sirkel is 3 cm.

$$\begin{aligned} \text{Oppervlakte} &= \pi r^2 \\ &= (3,14159) (3^2) \\ &= 28,27 \text{ cm}^2 \end{aligned}$$

a. 4 cm

b. 2,8 cm

c. 3,7 cm

d. 4,3 cm

e. 5,9 cm

f. 10,1 cm

2. Bereken die radius van die sirkel as die oppervlakte gelyk is aan:

Voorbeeld: As Oppervlakte = πr^2
 $40,265 \text{ cm} = (3,14159) (r^2)$
 $r^2 = 16$
 $r = 4 \text{ cm}$

a. $12,566 \text{ cm}^2$


b. $78,54 \text{ cm}^2$

c. $113,098 \text{ cm}^2$

d. $314,159 \text{ cm}^2$

Het jy geweet die Egiptenare het duisende jare gelede reëls uitgewerk om die oppervlakte van reghoeke, driehoeke, trapesiums en sirkels uit te werk?

3. Bereken die oppervlakte van hierdie figuur.



4. Los die volgende op: 'n Sproeier wat water in 'n sirkelvormige area spuit, kan aangepas word om tot 10 m te spuit. Werk uit tot die naaste tiende wat die maksimum oppervlakte van die grasperk is wat die sproeier kan nat maak?

Probleemoplossing

Mandla trek 'n sirkel met 'n middellyn van 16 cm. Hy kleur die een helfte van die sirkel in. Wat is die oppervlakte van die ingekleurde deel?

Tekem:

Datum:

Oppervlakte en omtrek: probleemoplossing

Pas die formules by die woorde.

Omtrek van 'n vierkant	$l \times b$
Omtrek van 'n reghoek	$m = 2r$
Oppervlakte van 'n vierkant	πr^2
Oppervlakte van 'n driehoek	$4s$
Middellyn van 'n sirkel	$\frac{1}{2} (b \times h)$
Oppervlakte van 'n reghoek	$2(l + b)$ of $2l + 2b$
Omtrek van 'n sirkel	πm of $2\pi r$
Oppervlakte van 'n sirkel	s^2



1. Los die volgende op.

a. As die omtrek van 'n vierkant 52 cm is, wat is die lengte van elke sy?

b. As die oppervlakte van 'n reghoek 200 cm² is, en sy lengte is 50 cm is, wat is sy breedte?

- c. Jy woon in 'n reghoekige huis wat 150 m lank en 902 m wyd is. Jy wil struik om die huis plant. Jy wil hulle 70 m uit mekaar plant. Ongeveer hoeveel struik het jy nodig om reg om die huis te gaan?

- d. 'n Vertrek waarvan die oppervlakte $14,8044 \text{ m}^2$ is, het 'n lengte van 100 cm langer as die wydte. Wat is die vertrek se afmetings?

- e. Bereken die oppervlakte van 'n sirkelvormige visdam met 'n middellyn van 3m. Laat $\pi = 3,14$.

Probleemoplossing

Bereken die oppervlakte van 'n sektor van 'n sirkel waarvan die koord (3cm) die sy is van 'n vierkant wat ingeskryf is in 'n sirkel met 'n radius $3\sqrt{2}$ cm.


Tekem:

Datum:

Buiteoppervlaktes, volume en kapasiteit van 'n kubus


Volume van 'n kubus

$$V = s^3$$



Buiteoppervlaktes van 'n kubus

A = die som van die buiteoppervlaktes van al die vlakke.





Kapasiteit van 'n kubus

- 'n Voorwerp met 'n volume van 1 cm^3 sal presies 1 ml van die water verplaas.
- 'n Voorwerp met 'n volume van 1 m^3 sal presies 1 kl van die water verplaas.

1. Bereken die volume, kapasiteit en buiteoppervlakte van die volgende kubusse:


Voorbeeld:

Volume	Kapasiteit	Buiteoppervlakte																
<p>Volume van 'n vaste figuur is die hoeveelheid ruimte wat dit in beslag neem.</p>	<p>Kapasiteit is die hoeveelheid vloeistof wat 'n houer bevat as dit vol is.</p>	<p>Die totale oppervlakte van 'n geometriese vaste figuur.</p>																
<p>Lengte: 4 cm</p>  <p>$V = s^3$ $V = (4 \text{ cm})^3$ $V = 64 \text{ cm}^3$</p>	<p>Let wel: 'n voorwerp met 'n volume van 1 cm^3 sal 1 ml van die water verplaas. \therefore 'n Voorwerp wat 64 cm^3 is, sal 64 ml water of 0,064 l verplaas.</p>	<p>Net van die kubus. Hoeveel vlakke is daar?</p>  <p>Buiteoppervlak = som van die oppervlakte van al die vlakke = 6 (oppervlakte van 'n vlak) $= 6a^2$ $= 6 (4 \text{ cm})^2$ $= 6 \times 16 \text{ cm}^2$ $= 96 \text{ cm}^2$</p>																
<table border="1"> <thead> <tr> <th>Kubieke mm</th> <th>Kubieke cm</th> <th>Kubieke m</th> <th>Liter</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1 000 000 000</td> <td>1 000 000</td> <td>1</td> <td>1 000</td> </tr> <tr> <td>1 000 000</td> <td>1 000</td> <td>0,001</td> <td>1</td> </tr> <tr> <td>1 000</td> <td>1</td> <td>0,000001</td> <td>0,001</td> </tr> </tbody> </table>	Kubieke mm	Kubieke cm	Kubieke m	Liter	1 000 000 000	1 000 000	1	1 000	1 000 000	1 000	0,001	1	1 000	1	0,000001	0,001		
Kubieke mm	Kubieke cm	Kubieke m	Liter															
1 000 000 000	1 000 000	1	1 000															
1 000 000	1 000	0,001	1															
1 000	1	0,000001	0,001															




a.

Lengte: 2 cm



b.

Lengte: 3,2 cm



c. Lengte: 4,6 cm

Breedte: _____

Hoogte: _____

d. Oppervlakte van basis: 25 cm²

Hoogte: _____

e. Lengte: _____

Breedte: _____

Hoogte: 1,2 m

f. Oppervlakte van basis: 81 cm²

Hoogte: _____

Probleemoplossing

Hoeveel water kan 'n houer van 32 cm × 32 cm × 32 cm hou?



Tekem:

Datum:



Buiteoppervlakte, volume en kapasiteit van 'n prisma

Volume van 'n prisma

$$V = l \times b \times h$$

- As 1 cm = 10 mm, dan 1 cm² = 100 mm²
- As 1 m = 100 cm, dan 1 m² = 10 000 cm²
- As 1 cm = 10 mm, dan 1 cm³ = 1 000 mm³
- As 1 m = 100 cm, dan 1 m³ = 1 000 000 cm³ of 10⁶ cm³

Buiteoppervlakte van 'n prisma



= die som van die oppervlak van al sy vlakke



Kapasiteit van 'n prisma

- 'n Voorwerp met 'n volume van 1 cm³ sal presies 1 ml water verplaas.
- 'n Voorwerp met 'n volume van 1 m³ sal presies 1 kl water verplaas.

1. Bereken die volume, kapasiteit en buiteoppervlakte van die prisma's.

Voorbeeld:

Volume		Kapasiteit	Buiteoppervlakte	
 <p>4 cm 2 cm 1,5 cm</p> <p>$V = l \times b \times h$ $V = 4 \text{ cm} \times 1,5 \text{ cm} \times 2 \text{ cm}$ $V = 12 \text{ cm}^3$</p>		<p>Let wel: 'n Voorwerp met 'n volume van 1 cm³ sal presies 1 ml van water verplaas.</p> <p>∴ 'n Voorwerp met 'n volume van 12 cm³ sal presies 12 ml van water verplaas.</p>	<p>Beskryf die vlakke.</p>  <p>4 cm 2 cm 1,5 cm</p> <p>Buiteoppervlakte = $2bl + 2lh + 2hb$ = $2(1,5 \text{ cm} \times 4 \text{ cm})$ + $2(4 \text{ cm} \times 2 \text{ cm})$ + $2(2 \text{ cm} \times 1,5 \text{ cm})$ = $12 \text{ cm}^2 + 16 \text{ cm}^2 + 6 \text{ cm}^2$ = 34 cm^2</p>	
Kubieke mm	Kubieke cm	Kubieke m	Liter	
1 000 000 000	1 000 000	1	1 000	
1 000 000	1 000	0,001	1	
1 000	1	0,000001	0,001	



c. Lengte: 7,3 cm
Breedte: 5,5 cm
Hoogte: 3,8 cm

d. Oppervlakte van basis: 24 cm^2
Breedte: 2,5 m

2. Gee voorbeelde van waar jy die volume en die buiteoppervlakte van 'n reghoekige prisma sal moet uitwerk:

Probleemoplossing

'n Boks het 'n vierkantige basis met lengte 8 cm. Wat is die hoogte van die boks as die volume 384 cm^3 is?

Tekem:
Datum:





Watter geometriese objek is hierdie A-raam huis?

Wat sal die geometriese objek se breedte wees?


Hoeveel aansigte het die objek?

Visualiseer die huis. Wat dink jy is die afmetings (oppervlakte van basis [die vloer] en die hoogte van die gebou)?

Die oppervlakte van 'n driehoek is $\frac{1}{2}$ van die driehoekbasis se breedte \times die driehoek se hoogte.
Volume van 'n driehoekige prisma = die oppervlakte van die driehoek \times Hoogte (van die prisma)


1. Bereken die volume:

Voorbeeld:





$$\begin{aligned} V &= \frac{1}{2} (b \times h) \times H \\ &= \left(\frac{1}{2} \times 5 \text{ cm} \times 4 \text{ cm}\right) \times 6 \text{ cm} \\ &= \left(\frac{5}{2} \text{ cm} \times \frac{4}{1} \text{ cm}\right) \times 6 \text{ cm} \\ &= \frac{20}{2} \text{ cm}^2 \times 6 \text{ cm} \\ &= 10 \text{ cm}^2 \times 6 \text{ cm} \\ &= 60 \text{ cm}^3 \end{aligned}$$

a.





b.



2. Gebruik $V = \frac{1}{2}(b \times h) \times H$, en bereken die onbekende waarde in elk van die volgende:

a. $H = 10\text{cm}$; $b = 6\text{cm}$ en $h = 4\text{cm}$



b. $V = 480\text{m}^3$; $b = 8\text{m}$ en $h = 4\text{m}$



c. $V = 48\text{mm}^3$; $H = 3\text{mm}$ en $h = 4\text{mm}$



d. $V = 63\text{cm}^3$; $b = 6\text{cm}$ en $H = 7\text{cm}$



Probleemoplossing

'n Watertenk het 'n driehoekige prisma vorm. Die basis van die tenk het 'n oppervlakte van 160cm^2 . Die hoogte van die tenk is 100cm . As die tenk $\frac{3}{4}$ vol is. Bereken die volume van die tenk.



Tekem:

Datum:

vervolg




Buiteoppervlakte, volume en kapasiteit van 'n driehoekige prisma

Volume van 'n driehoekige prisma

$$V = \frac{1}{2}(b \times h) \times H$$

Buiteoppervlakte van 'n reghoekige prisma

Buiteoppervlakte = die som van die oppervlakte van al die vlakke.





Hersien:

- As 1 cm = 10 mm, dan 1 cm² = 100 mm²
- As 1 cm = 100 cm, dan 1 m² = 10 000 cm²
- As 1 cm = 10 mm, dan 1 cm³ = 1 000 mm³
- As 1 cm = 100 cm, dan 1 m³ = 1 000 000 cm³ of 10⁶ cm³

Kapasiteit van 'n prisma


- 'n Voorwerp met 'n volume van 1 cm³ sal presies 1 ml water verplaas.
- 'n Voorwerp met 'n volume van 1 m³ sal presies 1 kl water verplaas.

1. Bereken die volume, kapasiteit en oppervlakarea van die driehoekige prisma.

Volume	 $V = \frac{1}{2}(b \times h) \times H$ $V = \frac{1}{2}(6 \text{ cm}) \times 4 \text{ cm} \times 3 \text{ cm}$ $V = 3 \text{ cm} \times 4 \text{ cm} \times 3 \text{ cm}$ $V = 36 \text{ cm}^3$
Kapasiteit	<p>Let wel: 'n Voorwerp met 'n volume van 1 cm³ sal 1 ml water verplaas. \therefore 'n Voorwerp wat 15 cm³ is, sal 15 ml water verplaas.</p>
Buite-oppervlak-area	<p>Buiteoppervlakarea = 2 (oppervlakte van die driehoek) + (oppervlakte van drie reghoeke)</p> <p>Oppervlakte van driehoeke = $2 \left(\frac{1}{2} (6 \text{ cm}) \times 4 \text{ cm} \right) = 24 \text{ cm}^2$</p> <p>Oppervlakte van die middelreghoek = basis \times lengte = 6 cm \times 3 cm = 18 cm²</p> <p>Oppervlakte van die ander twee reghoeke = (lengte \times sy van driehoek) \times 2 $= (3 \text{ cm} \times \sqrt{4^2 + 3^2}) \times 2 = (3 \text{ cm} \times 5 \text{ cm}) \times 2 = 15 \text{ cm}^2 \times 2 = 30 \text{ cm}^2$</p> <p>$A = 24 \text{ cm}^2 + 18 \text{ cm}^2 + 30 \text{ cm}^2 = 72 \text{ cm}^2$</p>  <p>Om die lengte van twee van die reghoeke te vind moet ons Pythagoras se stelling gebruik.</p> <p>Die twee driehoeke sal dieselfde grootte wees.</p> <p>Let daarop dat die twee driehoeke identies is, maar die drie reghoeke het verskillende groottes.</p>



a.



- b. Basis van driehoek: 3,4 cm
 Hoogte van prisma: 2,9 cm
 Lengte van prisma: 4,5 cm

Teken:

- c. Basis van driehoek: 7,5 cm²
 Hoogte van prisma: 5 cm²
 Lengte van prisma: 2 cm²

Teken:

Probleemoplossing

Wat is die volume, kapasiteit en oppervlakkarea van 'n driehoekige prisma met 'n reghoekige basis van 16 cm en wat 4 cm lank en 3 cm hoog is?

Teken:

Datum:





Probleme met buiteoppervlakte, volume en kapasiteit van kubusse

Dink aan al die stappe wat jy sal volg om die probleem op te los.


1. Bereken die volume, kapasiteit en buiteoppervlakte van elk van die volgende prisma's. Gee jou antwoorde in mm, cm en m.

a. Die lengte van een kant van 'n kubus 2,75 cm is.


b. Die lengte, breedte en hoogte van 'n reghoekige prisma is 4,25 m, 3,75 m en 2,95 m onderskeidelik.



- c. Die hoogte van 'n driehoekige prisma is 4 cm, die driehoek se hoogte is 4 cm en die driehoek se basis is 6 cm.



2. Jy wil die mure en dak van 'n kamer verf. Die kamer is 3 m × 4 m en 2,7 m hoog. As een liter-blik 8 m² dek, hoeveel blikke verf sal jy nodig hê?



Probleemoplossing

Skep jou eie woordprobleme om die volume, kapasiteit en oppervlakarea van die volgende te kry:

- kubus
- reghoekige prisma
- driehoekige prisma

Tekem:

Datum:

Hersien

Volume van 'n kubus

$$V = s^3$$

Volume van 'n reghoekige prisma

$$V = l \times b \times h$$

Volume van 'n driehoekige prisma

$$V = \frac{1}{2} (b \times h) \times H$$

Buiteoppervlakte van 'n prisma

Buiteoppervlakte = die som van die area van al die vlakke.


Volume

- As $1 \text{ cm} = 10 \text{ mm}$, dan $1 \text{ cm}^3 = 1000 \text{ mm}^3$
- As $1 \text{ m} = 100 \text{ cm}$, dan $1 \text{ m}^3 = 1\,000\,000 \text{ cm}^3$ of 10^6 cm^3

Kapasiteit

- 'n Voorwerp met 'n volume van 1 cm^3 sal presies 1 ml water verplaas.
- 'n Voorwerp met 'n volume van 1 m^3 sal presies 1 kl water verplaas.

1. Bereken die volume en die buiteoppervlakte van 'n prisma as $AB = 6 \text{ cm}$, $BC = 8 \text{ cm}$ en $CF = 16 \text{ cm}$.



2. Wat is die volume, kapasiteit en buiteoppervlakte van hierdie kubieke waterhouer? Die lengte van een sy is 1,2 m.

3. Jy wil 'n boks met bruinpapier toedraai. Die boks is $20\text{ cm} \times 30\text{ cm} \times 50\text{ cm}$. Hoeveel rolle papier het jy nodig as een rol 30 cm wyd is en daar 1 m op 'n rol is?

Probleemoplossing

Jy wil reënwater vir jou groentetuin opvang. Jou huis se dak is 100 m^2 en die gemiddelde jaarlikse reënval in Suid-Afrika is 500 mm. Hoe groot moet die tenk wees as jy al die water wat op die dak val wil opvang?

Tekem:

Datum:

Datahantering is 'n siklus. In die werksblad wat volg gaan ons van hierdie siklus leer. Die deel wat ons gaan leer is in **groen** en daar is 'n paar aantekeninge.



Hier is al die terme wat jy moet ken.

Die **populasie** verwys na die hele groep individue of voorwerpe waarin ons belangstel om data oor te kry.

As ons in staat is om almal (die hele populasie) te betrek dan noem ons dit 'n **sensus**.

As die groep (populasie) baie groot is, kan ons sommige van die mense vra – dit word 'n **steekproef** van die populasie genoem.

Die beste manier om vooroordeel (sydigheid) in 'n opname te vermy is om die **toevallige steekproefmetode** te gebruik.

'n Algemene metode om primêre data vir 'n opname te versamel is om 'n **vraelys** te gebruik.

As ons dus iets wil weet moet ons begin deur **vrae te vra** om data (inligting) te versamel.

Diskrete data is data wat slegs sekere waardes kan aanneem.

Deurlopende data is data wat enige waarde (binne 'n variasie-wydte) kan aanneem.

Voorbeeld:

Deurlopende data is data wat enige waarde (binne 'n variasie-wydte) kan aanneem.

- Die aantal mans en vrouens wat 'n geleentheid bywoon(diskreet).
- Die massa van die kinders in jou klas (deurlopend).
- Die aantal vrae in 'n toets(diskreet).
- Die lengte van haargroei oor 'n tydperk van een maand (deurlopend).

Jy dink dat die meeste mense in jou skool met busse skool toe kom. Jy wil dit ondersoek deur 'n opname te maak. 'n Telkaart kan gebruik word om jou data op te teken. Skryf 'n hipotese vir die opname.

Hipotese: die meeste leerders van ons skool gebruik die bus om skool toe te kom. Wie sal jy in die opname betrek?

Antwoord: populasie – al die leerders van die skool, of 'n steekproef – slegs 'n deel van hulle wat ewekansig gekies is, byvoorbeeld 20% per graad.

As die populasie te groot is en jy moet 'n steekproef kies, hoe sal jy dit doen om sydigheid te verhoed?

Om vooroordeel (sydigheid) te verhoed moet die groep wat jy kies ewekansig gekies word en al die grade en moontlike vervoermiddels moet gekies word. As ons besluit om net 20% van die populasie in die opname te betrek, sal dit bevooroordeel wees om by die bushalte te staan en elke vyfde leerder uit te vra. Dit sal ook bevooroordeel wees as ons net leerders in die hoër grade of die laer grade uitvra. In plaas daarvan sal dit minder bevooroordeel wees as ons 'n alfabetiese lys van die leerder se name gebruik en elke vyfde naam op die lys kies.

Ontwerp 'n eenvoudige vraelys met meervoudigekeusevrae vir jou opname. Jou data moet ook die volgende insluit:

- a. Graad van die leerder
- b. Geslag
- c. Vervoermiddel

Vervoeropname vir Georgetown Hoërskool

Ons wil bepaal die gewildste vervoermiddel wat deur die leerders by die skool gebruik word. Help ons asseblief om 'n paar vrae te beantwoord.

In watter graad is jy? (merk die korrekte blokkie)

Graad 8	Graad 9	Graad10	Graad 11	Graad 12

Geslag? (merk die korrekte blokkie)

Seun	Meisie

Watter vervoermiddel gebruik jy die MEESTE om by die skool te kom? (merk slegs een blokkie)

Loop	Fiets	Bus	Motor	Ander

Indien "ander", spesifiseer asseblief:

vervolg

1. Klassifiseer die volgende data as diskrete data of deurlopende data.

a. Die aantal oorblywende aartappels in 'n sak word oor 'n tydperk van 'n paar weke deur 'n kok in 'n restaurant aangeteken.

b. 'n Gehaltebeheertegnikus teken die lengte van material vir verskeie produkte wat van die produksielyn gekies is aan.

c. Die aantal kere wat 'n bewegingsbeheer na 'n trein gestuur word vanaf 'n heruitsaaistase word oor 'n tydperk van twee weke vir verskeie treine opgeteken. Die bewegingsbeheer, is 'n elektroniese transmissie, wat herhaaldelik uitgestuur word totdat 'n antwoordsein van die trein ontvang word.

2. Doen 'n opname van leerders in jou skool om uit te vind wat hul gunsteling-rolprent is.

a. Skryf 'n hipotese vir jou opnameprojek.

b. Wie sal jy vra? Definieer jou populasie.

c. Hoe sal jy 'n steekproef uit jou populasie kies?

d. Hoe sal jy verseker dat jou opname bevooroordeeldheid uitskakel?

e. Ontwerp 'n eenvoudige vraelys vir jou opname, gebruik veelvuldigekeusevrae om graad, geslag, gunsteling-rolprentsoort en gunsteling-rolprent te bepaal.

Pas jou kennis toe

Ontwerp die opname

Wanneer jy 'n opname doen is dit belangrik om eers te besluit watter vrae jy beantwoord wil hê. Maak seker jy vra al die vrae waarin jy belangstel.

Daar sal nie tyd wees om terug te gaan vir nog inligting na die mense met wie jy onderhoude gevoer het nie.

Skryf 'n hipotese vir jou opname.

Skep 'n opname wat al die gewilde koeldranke lys.

Maak seker jy skep 'n "ander" opsie.

Vra hoeveel koeldrank elke student elke dag drink.

Jy kan koeldrankverbruik in terme van 'n algemene hoeveelheid soos milliliters definieer.

Is die keuse van koeldrank diskrete of deurlopende data?

Watter soort data sal koeldrankverbruik wees?



Tekem:

Datum:

In die vorige werksblad het ons gekyk na die stel van 'n vraag en om data te versamel. Die volgende stap in die datahanteringsproses is om data te organiseer.



Ons kan die data organiseer deur

Tellings  = 8

te gebruik

Telling is 'n manier om data te tel om dit maklik in 'n tabel te vertoon. 'n Tellingmerk word gebruik om tred te hou met die telling.

Frekwensietabelle

'n Frekwensietabel het rye en kolomme. Wanneer die stel datawaardes uitgesprei is, is dit moeilik om 'n frekwensietabel vir elke datawaarde op te stel aangesien daar te veel rye in die tabel is. Ons **groepeer dus die data in klasintervalle** (of groepe) om ons te help om die data te organiseer, interpreteer en ontleed.

Stingel-en-blaartabelle

Stingel-en-blaartabelle (stippels) is spesiale tabelle waar elke datawaarde verdeel is in 'n "stingel" (gewoonlik die laaste syfer) en 'n "blaar" (die ander syfers). Die "stingel"-waardes word hieronder gelys, en die "blaar"-waardes is regs (of links) van die stingelwaardes. Die "stingel" word gebruik om die puntestand te groepeer en elke "blaar" dui die individuele punte binne elke groep aan.

Voorbeeld:

Die aantal oproepe van motoriste per dag vir bystanddiens vir 'n maand is opgeteken. Die resultaat is as volg:

28	122	217	130	120	86	80	90	120	140
70	40	145	187	113	90	68	174	194	170
100	75	104	97	75	123	100	82	109	120
81									

Hoe sal ons hierdie getalle in klasintervalle groepeer? Wat stel jy voor?

Besprek met ander.

Kyk nou na hierdie metode.

Kleinste waarde = 28

Hoogste waarde = 217

Verskil = hoogste waarde – kleinste waarde

$$= 217 - 28$$

$$= 189$$

Nou besluit ons om vyf intervale te hê.

Dus: $\frac{189}{5} = 37,8 = 40$ (rond af tot die naaste 10)

Nou kan ons 'n tabel met drie kolomme maak, en dan die datagroepe of klasintervalle in die eerste kolom plaas.



Die grootte van elke groep is 40. Die groepe begin dus by 0, 40, 80, 120, 160 en 200 tot sluit al die data in.

Vervolgens werk ons deur die lys met datawaardes. Vir die eerste datawaarde in die lys, 28, plaas 'n tellingmerk teen die groep

0-39 in die tweede kolom. Vir die tweede datawaarde in die lys, 122, plaas 'n tellingmerk teen die groep 120-159 in die tweede kolom. Vir die derde datawaarde in die lys, 217, plaas 'n tellingmerk teen die groep 200-239 in die tweede kolom. Gaan voort met hierdie proses totdat al die datawaardes in die stel getel is.

Klasinterval	Telling	Frekwensie
0 - 39		
40 - 79		
80 - 119		
120 - 159		
160 - 199		
200 - 239		

Let op: Ons het ses groepe nodig (een meer as wat ons gedink het).

Klasinterval	Telling	Frekwensie
0 - 39		1
40 - 79		5
80 - 119		12
120 - 159		8
160 - 199		4
200 - 239		1


vervolg

Teken:

Datum:

1. Die data toon die massa van 40 studente in 'n klas tot die naaste kg. Teken 'n frekwensietabel vir die data deur toepaslike klasintervalle te gebruik.

55	70	57	73	55	59	64	72
60	48	58	54	69	51	63	78
75	64	65	57	71	78	76	62
49	66	62	76	61	63	63	76
52	76	71	61	53	56	67	71



2. Die volgende tabel verteenwoordig die tyd wat dit leerders neem om wiskunde probleme met hoofrekeners te doen (in sekondes). Teken 'n frekwensietabel vir die data deur 'n toepaslike skaal te gebruik.

20	25	24	33	13
26	8	19	31	11
16	21	17	11	34
14	15	21	18	17


3. 'n Navorser stel belang daarin om te weet hoeveel telefoonoproepe tieners in 'n maand maak. Hy monitor die oproepe van 18 leerders wat ewekansig in jou skool gekies is. Die volgende data is gedurende die maand opgeteken: 53, 35, 67, 48, 63, 42, 48, 55, 33, 50, 46, 45, 59, 40, 47, 51, 66, 53. Teken 'n frekwensietabel vir die data deur 'n toepaslike skaal te gebruik.

Aktiwiteit

Die volgende tabel verteenwoordig die toetspunte van 'n klas in Wiskunde.

Teken 'n frekwensietabel vir die data deur 'n toepaslike skaal te gebruik.

58	68	60	71	53	62	64	72
63	46	61	52	67	54	63	78
78	62	68	55	69	81	76	62
52	64	65	74	59	66	63	76
55	74	74	59	51	59	67	71



Teken:

Datum:

Lees en bespreek hierdie tabel.

Meting	Definisie	Hoe om te bereken	Voorbeeld van 'n datastel: 2, 2, 3, 5, 5, 7, 8
Gemiddeld	Die gemiddelde is die totaal van die getalle gedeel deur die hoeveelheid getalle wat daar is.	Om die gemiddelde te kry moet jy al die datagetalle optel en dan moet jy hierdie getal deel deur die aantal waardes in die data.	As die getalle opgetel word, is dit: $2 + 2 + 3 + 5 + 5 + 7 + 8 = 32$. Daar is sewe waardes, dus deel jy die totaal deur 7: $32 \div 7 = 4,57\dots$ Die gemiddelde is dus 4,57.
Mediaan	Die mediaan is die middelwaarde wat die data in twee dele verdeel.	Om die mediaan te kry, moet jy die waardes in volgorde plaas en dan die middelwaarde kry. As daar twee waardes in die middel is, moet jy die gemiddeld van hierdie twee waardes kry.	Die getalle in volgorde: 2, 2, 3, (5), 5, 7, 8. Die middelwaarde is tussen hakies gemerk, en dit is 5. Die mediaan is dus 5.
Modus	Die modus is die waarde wat die meeste voorkom.	Die modus is die waarde wat mees dikwels in die data voorkom. Dit is moontlik om meer as een modus te hê as daar meer as een waarde is wat die meeste voorkom.	Die datawaardes: 2, 2, 3, 5, 5, 7, 8. Die waardes wat mees dikwels voorkom is 2 en 5. Hulle almal verskyn meer kere as enige van die ander datawaardes. Die modus is dus 2 en 5.
Variasie-wydte	Die variasie-wydte is die verskil tussen die grootste en die kleinste getal.	Om die variasie-wydte te kry, moet jy eers die laagste en hoogste waardes in die data kry. Die variasie-wydte word verkry deur die laagste waarde van die hoogste waarde af te trek.	Die datawaardes: 2, 2, 3, 5, 5, 7, 8. Die laagste waarde is 2 en die hoogste waarde is 8. Trek die laagste van die hoogste af: $8 - 2 = 6$. Die variasie-wydte is dus 6.

1. Gebruik die data gegee en bespreek die antwoord.

a. (2,23,3,3,4)

Antwoord:
 Variasie-wydte = 21
 Gemiddeld = 7
 Mediaan = 3
 Modus(se) = 3

Die **gemiddelde** is nie altyd 'n natuurlike getal nie.

Variasie-wydte	Gemiddeld
Mediaan	Modus

b. (1,22,20,29,29,29,24)

Antwoord:
 Variasie-wydte = 28
 Gemiddeld = 22
 Mediaan = 24
 Modus(se) = 29

Onthou om altyd te begin deur die data van klein na groot te rangskik wanneer jy die mediaan soek.

Variasie-wydte	Gemiddeld
Mediaan	Modus

c. (29,9,1,26,25)

Antwoord:
 Variasie-wydte = 28
 Gemiddeld = 18
 Mediaan = 25
 Modus(se) = nul

Let wel: as daar 'n ewe aantal getalle is, sal die mediaan die waarde wees wat **halfpad tussen die middelste paar getalle is.**

Variasie-wydte	Gemiddeld
Mediaan	Modus

2. Gebruik die data hieronder en bereken:

8	14	15	50	-6	19	3	37	12	10
---	----	----	----	----	----	---	----	----	----

a. Die gemiddelde

b. Die mediaan

c. Die modus



Tekem:
Datum:

vervolg

d. Die minimum waarde

e. Die maksimum waarde

f. Die variasie-wydte

3. David het 'n frekwensietabel opgestel om die aantal troeteldiere wat aan 10 mense behoort te toon. Die variasie-wydte is 6. Wat is die moontlike aantal troeteldiere? Verduidelik.

4. Die frekwensietabel van 'n opname toon 'n minimum waarde van 43 en 'n maksimum waarde van 336. Wat is die variasie-wydte?

5. Pieter se punte in ses vakke is 72, 48, 72, 72, 72, en 84. Wat is sy gemiddelde punt?

6. Die volgende tabel verteenwoordig die persentasie van mense in elk van vier ouderdomsgroepe wat motors besit. Vind die omvang van die gegewe data.



Ouderdom in jare	Persentasie huiseienaars
15-24	17.9
15-34	45.6
35-44	66.2
45-54	74.9

7. Die tabel toon die aantal vrugte wat 'n straatverkoper op sewe agtereenvolgende dae verkoop. Gebruik die tabel om die gemiddelde aantal vrugte wat per dag verkoop word te bereken. Wat is die minimum waarde, die maksimum waarde en die variasie-wydte?



	Dag 1	Dag 2	Dag 3	Dag 4	Dag 5	Dag 6	Dag 7
Vrugte verkoop	6	8	10	12	16	4	14

Probleemoplossing

Die punte van leerders in vier spanne A, B, C en D in hul wiskundetoetse word aangeteken.

Elke span behaal 'n slaagsyfer van 90%.

Watter mate van sentrale neiging is deur elke span gebruik om verslag te doen oor die uitslae?

Span A: 85, 81, 91, 96, 97 _____

Span B: 93, 92, 90, 90, 91 _____

Span C: 85, 81, 94, 93, 90 _____

Span D: 85, 89, 90, 90, 90 _____

Onthou:

Ons gebruik die volgende om sentrale neiging te meet:

- gemiddelde
- mediaan
- modus

Tekem:

Datum:

'n Mens kan 'n staafigrafiek gebruik om data aan te teken.



Staafigrafiek

'n Staafigrafiek is 'n visuele voorstelling wat gebruik word om die frekwensie van die voorkoms van verskillende kenmerke van data te vergelyk.

Hierdie soort voorstelling maak dit vir ons moontlik om:

- groepe data te **vergeelyk**
- vinnige **veralgemening**s oor die data te maak.

1. Die volgende tabel toon die verkope per maand van tweedehandse motors by 'n handelaar. Skep 'n staafigrafiek vir die data.

Maand	Motors verkoop
Januarie	15
Februarie	14
Maart	13
April	11
Mei	9
Junie	7
Julie	2
Augustus	7
September	8
Oktober	11
November	12
Desember	14

Ontleed en interpreteer die grafiek en beantwoord die volgende vrae.

- a. Waar dink jy kom hierdie data vandaan?



b. Hoe kan hierdie data en grafiek nuttig wees vir die motorhandelaar?

c. Watter skaal het jy vir die grafiek gebruik? Verduidelik hoekom.

d. Bereken die gemiddelde, die mediaan en die modus vir die maandverkope.


e. Wat kan ons uit hierdie antwoorde aflei?



Tekem:
Datum:

vervolg





95b

Staafigrafieke vervolg

f. Wat is die data se variasie wydte?

g. Wat kan jy aflei uit die variasie wydte van die data?

h. Is daar enige ekstreme data (baie klein of baie groot)? Hoekom dink jy varieer hierdie data so baie van die gemiddelde?

i. As jy die verkope van al die tweedehandse motorhandelaars wil bepaal hoe sal jy dit doen?

Kwartaal 3

j. Hoe kan jy voorkom dat daar vooroordeel in jou data is?

Pas jou kennis toe

Gebruik data wat jou klas ingesamel het oor hul gunsteling-rolprentster.

1. Stel 'n frekwensietabel op deur tellings te gebruik.
2. Teken 'n staafgrafiek deur jou frekwensietabel te gebruik.
3. Ontleed en interpreteer jou grafiek en beantwoord die volgende vrae.
 - a. Wat is die onafhanklike veranderlike?
 - b. Wat is die afhanklike veranderlike?
 - c. Wat vergelyk jy in hierdie grafiek?
 - d. Wie is die gunsteling-rolprentster?
 - e. Wie is die mins gewilde rolprentster?
 - f. Watter skaal het jy vir jou grafiek gebruik? Verduidelik hoekom.
 - g. Bereken die gemiddelde, mediaan en modus.
 - h. Wat lei jy af uit hierdie antwoorde?
 - i. Wat is die datareeks?
 - j. Wat vertel die variasie wydte jou van die data?
 - k. As jy wil bepaal wie die mees gewildste rolprentster onder die leerlinge in jou skool is, hoe sal jy te werk gaan?
 - l. Hoe kan jy vooroordeel in jou data voorkom?


Naam	Rolprentster	Naam	Rolprentster
Denis	Johnny Depp	Elias	Julia Roberts
John	Julia Roberts	Simon	Nicolas Cage
Jason	Julia Roberts	Thabo	Will Smith
Matapelo	Denzil Washington	Susan	Julia Roberts
Ann	Brad Pitt	James	Johnny Depp
Opelo	Eddie Murphy	Ben	Brad Pitt
Lisa	Amanda Seifried	Lauren	Will Smith
Gugu	Jamie Foxx	Tefo	Denzil Washington
Sipho	Julia Roberts	Alicia	Johnny Depp
Lorato	Charlize Theron	Mandla	Julia Roberts



Tekem:

Datum:

'n Mens kan 'n dubbele staafgrafiek gebruik om data aan te teken.




Dubbele staafgrafiek

'n Dubbele staafgrafiek is soortgelyk aan 'n gewone staafgrafiek, maar gee twee stukke verwante inligting vir elke item op die vertikale as, eerder as net een.

Hierdie soort voorstelling stel ons in staat om twee verwante groepe data te vergelyk en om vinnig veralgemenings oor die data te maak.

Voorbeeld:

Onthou dat die twee stelde data op 'n dubbele staafgrafiek verwant moet wees.



1. Onderstaande tabel verteenwoordig die uitgawe per leerder vir primêre en hoërskole. Teken 'n dubbele staafgrafiek.

Uitgawe per leerder		
Jaar	Primêre skole	Hoërskole
1985	325	225
1990	361	240
1995	418	274
2000	425	277

Ontleed die data en beantwoord die volgende vrae.

- a. Wat is die onafhanklike veranderlike?

b. Wat is die afhanklike veranderlike?

c. Wat vergelyk ons in hierdie grafiek?

d. Wat kan ons oor die algemeen sê oor die uitgawe per leerder?

2. Van 1994 tot 2006 het die persentasie huishoudings in hierdie dorp wat herwinning doen toegeneem. Onderzoek die tabel en kyk hoeveel huishoudings ons omgewing help:

	Huishoudings wat herwin		
	Metaalblikkies	Plastiek	Papier
1994	56%	52%	58%
2006	81%	84%	83%

Teken 'n dubbele staafgrafiek om die styging te illustreer.

Teken:
Datum:

vervolg

Ontleed jou grafiek en beantwoord die volgende vrae.

a. Waar dink jy kom hierdie data vandaan?

b. Hoe kan hierdie data en grafiek nuttig wees vir herwinningsmaatskappye?

c. Watter skaal het jy vir jou grafiek gebruik? Verduidelik hoekom.

d. Bereken die gemiddelde, mediaan en modus.

e. Vergelyk die gemiddelde, mediaan en modus vir 1994 tot 2006.

f. Wat kan jy uit hierdie antwoorde aflei?

g. Wat is die variasie wydte?

h. Wat dui die variasie wydte van die data aan?

i. Hoe kan jy vooroordeel (sydigheid) in jou data verhoed?

3. Hierdie tabel dui die mediaan ouderdom van mans en vroue ten tye van hul eerste huwelik aan. Stel 'n dubbele staafgrafiek op om hierdie data voor te stel. Watter gevolgtrekkings kan jy maak?

Jaar	1940	1950	1960	1970	1980	1990
Mans	24,3	22,8	22,8	23,2	24,7	26,1
Vrouens	21,5	20,3	20,3	20,8	22	23,9



Pas jou kennis toe

Jerry vra 26 kinders in haar klas hoeveel ure hulle per dag televisie kyk en hoeveel ure hulle huiswerk doen.

TV	0	0	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	2
Huiswerk	1	0,5	1,5	2	1,5	1,5	2	2,5	0,5	0,25	0,25	0,25	1,5
TV	2	2	2	3	3	3	3	4	4	4	5	5	6
Huiswerk	3	0,5	2,5	4	1,5	3,5	3	2,5	1,5	2	1,5	2	3

- a. Teken 'n frekwensietabel.
- b. Teken 'n staafgrafiek.
- c. Vergelyk die gemiddelde, die mediaan en die modusse vir die tyd wat televisie gekyk word en die tyd wat huiswerk gedoen word.
- d. Watter afleiding kan jy uit die inligting maak? Verduidelik.



Teken:

Datum:

'n Histogram kan gebruik word om data aan te teken.



Histogram

'n Histogram is 'n bepaalde soort staafgrafiek wat datapunte wat in verskillende klas intervalle val, opsom.

Die hoofverskil tussen 'n normale staafgrafiek en 'n histogram is dat die staafgrafiek jou die frekwensie van elke element in 'n stel data wys, terwyl 'n histogram jou die frekwensies van 'n klas interval data wys.

In 'n histogram moet die stawe aan mekaar raak want die data-elemente wat ons opteken is **getalle** wat **saamgegroepeer** is en 'n **deurlopende interval van links na regs** vorm.

Voorbeeld: Hersien die stappe in die opstel van 'n histogram.

Die opstel van 'n histogram

- Stap 1 – tel die aantal datapunte
- Stap 2 – doen 'n opsomming op 'n telblad
- Stap 3 – bereken die variasie wydte
- Stap 4 – bepaal die aantal intervalle
- Stap 5 – bereken die intervalwydte
- Stap 6 – bepaal die intervalbeginpunte
- Stap 7 – tel die aantal punte in elke interval
- Stap 8 – stip die data uit
- Stap 9 – voeg titel en byskrif by

Hersien hoe om die intervalwydte te bereken.

Kyk na die volgende voorbeeld:

28	122	217	130	120	86	80	90	120	140
70	40	145	187	113	90	68	174	194	170
100	75	104	97	75	123	100	82	109	120
81									

Rangskik van klein na groot; dit sal wees:

28	40	68	70	75	75	80	81	82	86	90	90	97	100	100	104	109	113	120	120	120	122	123	130	140	145	170	174	187	194	217
----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----

Kleinste waarde = 28


Hoogste waarde = 217

Verskil = hoogste waarde – kleinste waarde
 = 217 – 28
 = 189

Waar moontlik, wil ons nie graag meer as 10 klasintervalle hê nie.

Nou besluit ons dat ons vyf klasintervalle wil hê.


Dus: $37,8 = 40$ (rond af tot die naaste 10)



Nadat ons die variasie wydte en die klasintervalle bepaal het, moet ons die data op 'n frekwensietabel rangskik.

Klas-interval	Telling	Frekwensie
0 - 39	/	1
40 - 79		5
80 - 119		12
120 - 159		8
160 - 199		4
200 - 239	/	1

Dit is maklik om met die data in 'n frekwensietabel 'n histogram op te stel.



1. Teken 'n histogram wat op die volgende stel getalle gebaseer is.

43	55	83	85	90	90	95	96	97	101	105	105	112	115	115	119
124	128	135	135	135	137	138	145	155	160	185	189	202	209	232	15
56	70	98	100	105	105	110	111	112	116	120	120	127	130	130	134

a. Bereken die variasie wydte.

Tekem:

Datum:

vervolg

87



97b

Histogramme (kolomgrafieke) vervolg

b. Bepaal die aantal intervalle.

c. Bereken die intervalwydte – toon jou berekeninge.

d. Bepaal die intervalbeginpunte.

e. Tel die aantal punte in elke interval van die frekwensietabel.

f. Stip die data uit.

g. Voeg die titel en byskrif by.

2. Gebruik die volgende data om 'n histogram te teken.

33	35	73	65	80	70	85	76	87	81	95	85	102	95	105
114	108	125	115	125	117	128	125	145	140	175	169	192	189	222
16	28	56	58	63	63	68	69	70	74	78	78	85	88	88
92	97	101	108	108	108	110	111	118	128	133	158	162	175	182

Bepaal die gemiddelde, mediaan en modus.

Probleemoplossing

'n Bank wil sy kliëntediens verbeter. Voordat daar besluit word om meer werkers te huur, besluit die bestuurder om verdere inligting te bekom oor die wagtye wat kliënte tans ervaar. Gedurende een week is 50 kliënte ewekansig gekies en hul wagtye is opgeteken. Hierdie data is ingewin:

- Stel 'n frekwensietabel van die data op.
- Skep 'n histogram.
- Moet sy nog werkers in diens neem?

Verduidelik hoe jy redeneer.

18,5	9,1	3,1	6,2	1,3	0,5	4,2	5,2	0,0	10,8
5,8	1,8	1,5	1,9	0,4	3,5	8,5	11,1	0,3	1,2
4,4	3,8	5,8	1,9	3,6	2,5	4,5	5,8	1,5	0,7
0,8	0,1	9,7	2,6	0,8	1,2	2,9	3,0	3,2	2,8
10,9	0,1	5,9	1,4	0,3	5,5	4,8	0,9	1,6	2,2


Tekem:

Datum:

Lees en bespreek

Deel van die waarde van histogramme is dat hulle ons in staat stel om besonder **groot datastelle** te ontleed deur dit na 'n enkel grafiek te reduseer wat primêre, sekondêre en tersiêre pieke in data toon en ook 'n visuele voorstelling van die statistiese belangrikheid van daardie pieke gee.

Die diagram verteenwoordig data met 'n goed gedefinieerde piek wat naby die mediaan en die gemiddelde is. Alhoewel party buite lê ("uitskieters") is hul frekwensie relatief laag. Daar kan dus gesê word dat daar 'n lae frekwensie van afwykings in hierdie datagroep is.




Voorbeeld:


Histogramme kan verskillende vorms hê. Die twee algemeenste vorms is die klokvormige kurwe ook bekend as die 'normale verspreiding' en die skewe distribusie.




Histogram A



Histogram B




Histogram C



Kyk na die drie histogramme. Wat kan jy ons vertel oor die lengte van die leerders in die klas?

- In histogram A, is die meeste leerders naby die gemiddelde grootte, met min leerders langer en min korter.
- In histogram B, is die meeste leerders kort met min leerders wat baie lank is.
- In histogram C, is die meeste leerders lank met min leerders wat baie kort is.

1. Kyk na die volgende histogram en beantwoord die vrae.



a. Watter vorm is hierdie histogram?

b. Watter jaar het die maksimum ondersteuning vir jazzmusiek?

c. Watter jaar het die minimum aantal liefhebbers van jazzmusiek?

d. Wat is die totale aantal liefhebbers van jazzmusiek in 2000-2005?

e. Wat is die totale aantal liefhebbers van jazzmusiek tussen 2000-2010?

f. Watter dekade het die meeste liefhebbers van jazzmusiek?


g. Watter afleiding kan jy oor liefhebbers van jazzmusiek maak deur na die grafiek te kyk?

Teken:

Datum:

vervolg

2. Beantwoord die volgende vrae oor hierdie histogram.



a. Wat is die vorm van die grafiek?

b. Hoeveel ure het minder as 10 mense gewerk?

c. Hoeveel ure het ten minste 20 mense gewerk?

d. Hoeveel mense het ten minste 20 uur gewerk?

e. Hoeveel mense het ten minste 31 tot 40 uur gewerk?

f. Hoeveel mense het tussen 11 en 30 uur aan die projek gewerk?

Probleemoplossing

Kyk na die volgende stel data.

57	66	73	92	77
31	60	32	22	25
45	36	49	42	56
37	88	41	54	42
57	63	59	15	62
3	32	82	48	37
78	18	39	77	97

- Sorteer die data in stygende orde.
- Teken 'n histogram van hierdie data met intervalle 0–19, 20–39, 40–59, 60–79 en 80–99.
- Teken 'n ander histogram van hierdie data met die intervalle 0–50 en 51–99.
- Teken ook 'n histogram van hierdie data met die intervalle 0–4, 5–9, 10–14, 15–19, . . . , 85–89, 90–94 en 94–99.
- Bespreek die voordele en nadele van elke histogram.
- Wat leer jy uit elkeen?
- Oorkoepelend beskou, watter een is die mees insiggewende histogram? Hoekom?

Teken:

Datum:

'n Mens kan 'n sirkelgrafiek gebruik om data aan te teken.



Sirkelgrafiek

'n Sirkelgrafiek is 'n ronde grafiek waarvan die sirkel in sektore verdeel is.

Elke sektor stel 'n item in 'n datastel visueel voor om te pas by die aantal items as persentasie of breuk van die totale datastel (die hele sirkel).

Sirkelgrafieke is nuttig om verskillende dele van 'n hele aantal voor te stel.


Hersien die sirkelgrafiek en weet hoe om een te teken.



Maak seker dit tel op na 100%.


Stappe:

1. Skakel al jou datapunte om na persentasies van die hele datastel.
2. Skakel die persentasies om na hoëke. Aangesien 'n vol sirkel 360 grade is, moet dit met die persentasie vermenigvuldig word om die hoek vir elke sektor te kry.
3. Teken 'n sirkel met 'n passer op 'n skoon vel papier. Alhoewel 'n passer nie nodig is nie, sal dit die sirkel eweredig trek en help om die grafiek netjies en duidelik te laat lyk.
4. Trek 'n horisontale lyn, of radius, met 'n linaal van die middel tot by die regterkant van die sirkel. Hierdie is die eerste basislyn.
5. Begin by die basislyn en meet die grootste hoek in die data met die gradeboog. Merk dit aan die rant van die sirkel. Gebruik die linaal om nog 'n radius tot by daardie punt te teken.
6. Gebruik hierdie nuwe radius as basislyn vir die volgende grootste hoek en herhaal hierdie proses totdat jy by die laaste datapunt kom. Dit sal net nodig wees om die laaste hoek te meet om die waarde te verifieer aangesien albei lyne reeds getrek is.
